Laerskool Jan van Riebeeck

Adres Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
Webtuiste laerskooljanvanriebeeck.co.za
E-pos ontvangs@jvrprim.co.za
Tel 021 423 4209

JAARVERSLAG 2025

INHOUDSOPGAWE

1.	Inleiding	Bl. 2
2.	Algemeen	Bl. 2
3.	Beheerraad en Opvoedingstrust	Bl. 2
4.	Akademie	Bl. 3
5.	Sport	Bl. 8
6.	Huppelland	Bl. 19
7.	Kultuur	Bl. 24
8.	Geboue, terreine, voertuie en sekuriteit	Bl. 34
9.	Inligting, Komunikasie en Tegnologie	Bl. 38
10.	Menslike Hulpbronnebestuur	Bl. 40
11.	Nasorg	Bl. 41
12.	OOV	Bl. 42
13.	Leerderraad	Bl. 44
14.	Personeelopleiding	Bl. 45
15.	Uitreikprojekte en welwillendheid	Bl. 46
16.	Leerders	Bl. 46
17.	Woord van Dank	Bl. 51
18.	Boodskap van Beheerraadsvoorsitter	Bl. 51
19.	Afsluiting	Bl. 52

1. INLEIDING

Dit is vir my ‘n groot eer en voorreg om die 2025 jaarverslag van Laerskool Jan van Riebeeck en Huppelland aan julle voor te hou. Die doel van die verslag is om ‘n bondige oorsig van die jaar se opwindende gebeure oor te dra.

2. ALGEMEEN

2025 was weereens ‘n opwindende en bedrywige jaar, veral met die sport- en die kultuurspyskaart wat heelwat meer geleenthede as die vorige jaar opgedis het. Ons is baie trots op verskeie merkwaardige prestasies rakende die akademiese -, kulturele- en sportgebied.

Ons skool poog te alle tye dat ons leerders in die ware sin van die woord nog kind kan wees deur ‘n opvoedkundige kultuur te handhaaf wat na die kind se holistiese ontwikkeling omsien. Vir my is dit belangrik dat ons ‘n skoolkultuur en –etos sal handhaaf met gelukkige leerders waar hulle veilig voel en geïnspireer word.

Vanjaar is my vyfde jaar as Skoolhoof by Laerskool Jan van Riebeeck en my spreekwoordelike beker van dankbaarheid loop oor as ons terugkyk oor nog ‘n suksesvolle jaar waar ons nie net met verskeie sport-, kulturele- en akademiese louere weggestap het nie, maar ook ‘n jaar vol omgee en uitreik na gemeenskappe wat in nood is. Die Jannie-kultuur is uniek en goedhartig. Mag ons dit nog vir baie jare omhels en nastreef.

3. BEHEERRAAD EN OPVOEDINGSTRUST

Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om ons dinamiese Beheerraad hartlik te bedank vir hulle insiggewende insette, kosbare tyd en toegewydheid om Laerskool Jan van Riebeeck na nog hoër hoogtes te lei en in die proses onsself as een van die top laerskole in die land te vestig. Baie dankie aan ons BR-Voorsitter, Merwe Scholtz, vir sy strategiese leiding om te verseker dat ons skool van krag-tot-krag gaan met ‘n sterk akademiese aanslag, maar ook ter selfde tyd leerders toe te laat om solank as moontlik kind te wees. Laat my ook toe om die res van die Beheerraadslede hartlik vir hul harde werk en insette die afgelope jaar te bedank:

- Hugo van den Heever (Onder-Voorsitter)
- Susan van der Walt (Tesourier)
- Marié Cruywagen (IKT & Administrasie)
- Stephen Hitchcock (Geboue en Fasililiteite)
- Oloff Sieberhagen (Regshulp)
- Sybil Müller (koöpteer)
- Tiaan Meyer (koöpteer)
- Marinda Brink (Sekretaresse)
- Andri de Villiers (Opvoeders verteenwoordiger)
- Hannes Muller (Nie-opvoeders verteenwoordiger)

Ons neem dan ook aan die einde van die jaar afskeid van Marié Cruywagen en Susan van der Walt as BR-lede. Hulle twee het diep spore by Laerskool Jan van Riebeeck getrap. Marié was instrumenteel tot die implementering van verskeie IKT-praktyke by ons skool, onder andere die omskakeling vanaf die Google-platform na ‘n Microsoft-omgewing waar leerders binne ‘n veilige en beheerde leeromgewing aan die nuuste tegnologie blootgestel kon word; asook ‘n baie effektiewe administratiewe stelsel; en die Jan Kas aanlyn diens. Susan het as tesourier haar puik van haar taak gekwyt en effektiewe finansiële stelsels, -beleid en praktyke geïmplementeer. Beide van hulle gaan vanaf 2026 hul gewig by Hoërskool Jan van Riebeeck ingooi. Ons beste wense vergesel hulle. Groot dankie aan Sybil Müller wat vanaf 2026 die rol as tesourier by Susan gaan oorneem.

‘n Besondere woord van dank aan die volgende lede van ons Opvoedingstrust wat jaar-in en jaar-uit behulpsaam is met fondsinsamelingsprojekte asook die befondsing van projekte om die funksionaliteit van die skool te bevorder:

- Merwe Scholtz (Voorsitter)
- Cobus Loubser (Tesourier)
- Oloff Sieberhagen
- LJ le Roux

4. AKADEMIE

Ons is baie dankbaar dat ons hierdie jaar op uitnemendheid kon voortbou. Ons akademiese kultuur sorg vir interaktiewe en geïntegreerde leeringesteldheid wat leer vir leerders interessant en lekker maak. Met ‘n personeel wat ontvanklik vir ontwikkeling is, was dit ‘n goeie jaar om ons akademie en alles wat daarmee gepaard gaan verder te versterk en uit te brei. Ons streef voortdurend na ’n holistiese benadering omdat ons die waarde van toevallige leer en verskillende metodes van leer eerder as ‘voor die boeke sit’, aanmoedig.

Ons klasse is lankal nie meer tjoepstil waartydens opvoeders heeltyd inligting oordra en leerders mooi luister en opdragte uitvoer nie. Natuurlik is daar tye waar stilte en rustigheid voorkeur geniet. Ons streef daagliks daarna om soveel moontlik leerders in ons openbare skool (WKOD) te akkommodeer. Ons glo dat ons gebalanseerde leerders opvoed wat leergeleenthede aangryp, toepas wat hulle geleer het en leer terwyl ons ‘n wye spyskaart van aktiwiteite tydens die skooldag bied. Ons streef daarna om meer te gee as wat van ‘n openbare skool verwag word daarom is ons akademiese standaard van hoogstaande gehalte. Dis natuurlik ook ‘n rede waarom ons skool gereeld as ‘n ‘privaatskool’ gesien word. Voorbereiding op ‘n suksesvolle fase na laerskool is vir ons baie belangrik. Ons bereik dit deur elke jaar (graad) op die vorige jaar (graad) te bou om sodoende gesonde progressie te verseker. Leerders met selfvertroue en selfstandigheid is ons fokus.

<u>Algemeen:</u>

- Die leerders het hierdie jaar blootstelling aan die **WOW-spelkompetisie** gekry en Ghia en Mateo Pereira het na die finale rondte deurgedring.
- Ons het hierdie jaar baie hard daaraan gewerk om Mengsels by ons skool te beperk. Leerders se **Afrikaanse woordeskat** en begrip kort aandag aangesien Engels die taal is waarin hulle leef. Hulle praat met mekaar Engels gedurende pouses en wanneer hulle speel. Ons is uiters trots daarop dat ons jannies so gemaklik tussen beide tale kan beweeg, maar moet ook hard daaraan werk om ons Afrikaans te versterk en in die proses te beskerm. Hiermee sê ons nie dat ons leerders oudmodies en verkramplik moet wees nie, maar eerder dat ons uiters trots op hierdie mooi taal moet wees. Dis duidelik dat ons Afrikaanse skooltjie baie gesog vir ‘n groot verskeidenheid hoërskole is. Ons leerders kan met uiterse gemak in enige hoërskool van hul keuse instap en floreer.

- **Verryking** is toegepas en leerders is gereeld op uitstappies geneem. Uitstappies is baie opwindend en was ‘n guldige geleentheid om algemene kennis uit te brei. Instappies is ook georganiseer.

Ons het ons tweejaarlikse **Akademiese week** gedurende kwartaal 3 aangebied. Dit was weer eens ‘n reuse sukses en bewys dat leer op verskillende tye, maniere en vlakke plaasvind.

Die **integrasie met kultuur** was fantasties. Ons almal se **boublokke van ontwikkeling** verskil. Ongelooflike aanbiedings en aktiwiteite is aan ons leerders gebied.

- **Kodering en robotika** verdien definitief 'n applous aangesien ons hierdie jaar vir die heel eerste keer gedurende die AK-week 'n **interne robotika-kompetisie** aangebied het. Hierdie pionierswerk verdien spesiale aandag. Daar is selfs (vir die pret) 'n groepie grondslagfase leerders wat gedurende kw. 4 'n **robotikadag te Taalmonument wat deur Paarl Gimnasium** georganiseer is, bygewoon het. Ons voel baie gemaklik dat hierdie vak op 'n hoë vlak by ons skool aangebied word. Die grondslagfase opvoeders het hierdie jaar elkeen hul eie klasse onderrig met fantastiese, deurlopende opleiding wat Suné Swanepoel aan hulle gebied het. Kurrikulumopleiding en -implementering is uiters professioneel deur haar gedoen sodat ons opvoeders vir geen ander skool hoef terug te staan nie.

- Gebalanseerde **klasindelings**, deeglike oorgangsgesprekke van een graad na die volgende berei die opvoeders so goed moontlik voor op die leerders waarmee hulle werk. Ons glo daaraan om aan die einde van elke jaar deeglike oorgeegesprekke van een registeronderwyser na die ander te voer. Hierdie inisiatief vorm deel van die klasindelingsproses.

- **Ouerinligtingsgeleenthede** word so gereeld moontlik geskep sodat ons ope gesprekke oor ons leerders met hul ouers/voogde kan voer. Terugvoer en gereelde kommunikasie rakende leerders se vordering is vir ons baie belangrik. Ons poog ook om ouers so goed moontlik op die volgende onderwysfase (Grondslagfase / Intermediêre Fase/ Senior Fase) voor te berei deur verskeie inligtingsgesprek-geleenthede te skep. Die puik bywoning en betrokkenheid van ons skoolgemeenskap by hierdie geleenthede is 'n bewys waarom ons skool met puik akademiese resultate kan spog.

- Onderskeie **prysuitdelingsgeleenthede** het in die skoolsaal plaasgevind om afsluiting van die akademiese jaar te bied. Ja, nie alle leerders kan trofees vir hul akademiese prestasies ontvang nie en dis ook nie ons doel om leerders wat wel op hul eie manier vorder, te verneder nie. Ons gee wel erkenning aan elke leerder se unieke vordering gedurende die jaar deur 'n spesiale sertifikaat aan elkeen toe te ken. Dis net so belangrik om akademiese erkenning as kultuur- en sporterkenning te gee.

- Dis 'n absolute plesier om te spog dat ons **Wiskunde** tops is! Ons is 'n Afrikaanse skool so 'n mens neem aan dat leerders se taal hul beste prestasie sal wees – toe nou nie! Onderrig vind werklik op 'n puik vlak plaas. Ons kan hierdie opinie meet deur na die verskeie Wiskundekompetisies en olimpiades waaraan leerders hierdie jaar deelgeneem het, uit te lig:

- **De Kock-Wiskundekompetsie** (gr. 6 en 7-leerders) te LS Van Riebeeckstrand – wen hierdie jaar weereens die beste skool en wenspan trofees. Ons neem deel teen groot skole wat in Durbanville, Paarl, Stellenbosch, ens. geleë is.
- **SAMF Amesa-Wiskundeolimpiade:** Die volgende leerders ontvang sertifikate omdat hulle aan die finale ronde deelgeneem het. Daar het 10 265 leerders aan die eerste ronde deelgeneem, 928 leerders aan die tweede ronde en ongeveer 200 leerders aan die finale ronde, waarvan ons skool 6 leerders gehad het, naamlik:

  - Anabella Boshoff
  - Ruben de Ridder
  - Zani Scholtz
  - Katryn Silvis
  - Annalene Viljoen
  - Ben Esterhuyse

- **Horizon-kompetisie:** Ons beker van dankbaarheid loop verder oor en spog ek verder met ons merkwaardige uitslae na afloop van die Horizon-Wiskunde olimpiade. Daar was meer as 25 000 inskrywings (grade 5 – 7-leerders) en drie van ons leerders eindig in die top 100ste posisie. Baie geluk aan die volgende drie Jannies met jul merkwaardige wiskundige uitslae:
  - Ruben de Ridder (70ste plek)
  - Jamie Jordaan (48 ste plek)
  - Katryn Silvis (ongelooflike 5de plek)

Dit is weer eens ‘n bewys dat ons Jannies orals hul stempel afdruk en maak ons ongelooflik trots. Baie geluk en groot dankie aan mnr. Leon en juf. Andri vir jul leeue-aandeel om die liefde vir Wiskunde onder ons gr. 6- en 7-leerders te kweek asook die hoë standaard wat julle stel om seker te maak ons leerders presteer op hoërskoolvlak.

- ‘n Innoverende en vernuwende sprong wat ons gemaak het, was om ons eie **handboeke** saam te stel. Dit alles het begin met die gebruik van skootrekenaars gedurende 2023 toe hierdie idee slegs ‘n droom en doelwit was. Vinnig het ons besef dat meeste van ons opvoeders eintlik reeds besig is om hul eie handboeke saam te stel deur werk vanuit verskillende bronne met hul eie werk te kombineer deur leerders in hul werkboeke te laat inplak. Ons het besef dat hierdie papier-op-papier manier van doen nie regverdig is nie. **Graad 5 – 7-skootrekenaars** en die implementering van **TEAMS** se inhoud wat opvoeders weekliks moes plaas, het gelei dat hierdie ‘droom’ nou ‘n realiteit is. Ons is so trots om te meld dat ons nou in ons derde jaar van skootrekenaars is – m.a.w. die graad 5’s van 2023 was die eerste groep waarmee ons begin het en hulle is nou ons graad 7’s wat hul skootrekenaars inhandig sodat dit weer voorberei kan word vir volgende jaar se graad 5’s. Ons weet dat ons benadering teenoor **tegnologie in die klaskamer** werk, aangesien dit gefokusde leer insluit, spanwerk bevorder, toevallige leer aanhelp terwyl dit uiters gebalanseerd aangebied word. Ons handhaaf na 3 jaar steeds die beginsel van 70% (tradisionele manier bv. skryf, teken op papier) tot 30% (digitale blootstelling) vir leer.

  Vir die grondslagfase is dit nie nuut nie aangesien hulle al vir die afgelope 5 jaar hul eie boeke saamstel en mooi laat druk, maar vir die ISF is dit ‘n nuutjie. Die opvoeders wat hierdie jaar reeds besluit het om oë toe te maak en die boeke te druk, het baie goeie werk gelewer en ‘n wonderlike standaard vir die personeel en leerders gestel. Ons leer by mekaar en ken ons vak nou beter as ooit te vore. Onthou tog asseblief dat **skoolhandboeke** nog altyd deur opvoeders geskryf is, dat daar ook spel-, taal- en inhoudsfoute te vinde is. Ons is nie almal skrywers nie, maar ons haal ons hoed vir die opvoeders van ons skool af om hierdie soms ongemaklike proses met durf aan te pak. Ons salueer hulle. Die idee is dat elke leerder vanaf graad 4 – 7 gedurende 2026 hul eie handboek sal ontvang waarin hulle notas mag maak en skryf. Moet asb. nie bekommerd wees nie, skryfboeke is steeds prioriteit, aangesien ons ‘n laerskool is en weet watter belangrike rol klein motoriese ontwikkeling op die kind se geheelbreinontwikkeling speel. Ons het heelwat navorsing hieroor gedoen voordat besluite geneem is. Ons sien uit om hierdie projek jaarliks te verfyn

- Ons is trots om te noem dat ons skool met ‘n **100% slaagsyfer** spog. Die **promosie en progressie** proses is suksesvol afgehandel nadat leerders se finale eksamenantwoordstelle met groot omsigtigheid gemodereer en saam met die jaarpunt op WKOD-punteskedules ingevoer is. Hierdie omslagtige proses is uiters tydsaam. Ons is dankbaar dat julle (as ouers) ons organisasie rondom die skoolprogram respekteer.

Zen Den: Leerontwikkelingsentrum

Die Zen Den is een van die ongelooflikste projekte wat suksesvol aangepak is. Ons kan ons skool nie meer indink sonder hierdie fenomenale ruimte nie. ‘n Verskeidenheid skole vanuit die noordelike en suidelike voorstede asook Somerset-Wes (LS Welgemoed, Mikro, De Hoop en Rondebosch Boys Pre-primêr) het kom aanklop en selfs **opleiding** by Marietjie de Kock ontvang. Doelgerigte spasies en opvoeders wat op meriete vir ‘n spesifieke doel aangestel is, bly uiters belangrik! LS JvR speel jaarliks ‘n al groter rol om opleiding aan die gemeenskap te bied – of dit onderwysstudente, WKOD-gerigte inisiatiewe, mede-kollegas, leerders, ouers of ander skole behels - lewenslange leer is definitief ‘n verskuilde leuse wat ons nastreef.

Hier is die **leerontwikkeling, akkommodasies en leerders** wat die sentrum gedurende die dag en pouses besoek het:

- Leerontwikkeling (gr.1 - 7): 83 leerders
- Akkommodasies (gr. 3 - 7): 46 leerders
- **Zen Den-besoek gedurende die dag**: gemiddeld van 8 leerders per dag.
- **Zen Den-pouses**: gemiddeld van 14 leerders per pouse per dag.

Leerders het op verskillende maniere ondersteuning ontvang. Daar is 55 leerders (by HL en LS) wat gedurende die jaar **spelterapie** (Tina Fourie) ontvang het, 35 leerders het **taal- en spraakterapie** (Lilan Starker) ontvang (10 by LS en 25 HL), 33 leerders het **arbeidsterapie** (Annet Wilke) ontvang, 49 leerders het **individuele terapie asook evaluasies** (Marike Badenhorst) ontvang terwyl daar ook soms graadgroepe leiding ontvang het.

Leerontwikkeling volg die **SIAS-proses** van die onderwysdepartement en leerders met akademiese-, emosionele- en leeruitdagings word bespreek en verwys na die verskillende dienste wat die sentrum bied. Ons fokus bly op vroeë identifisering en intervensie sodat leer op die regte plek en manier kan plaasvind. Die Zen Den se nuwe benadering om leer te ontwikkel, het ook leerders met studiekursusse gehelp.

Grondslagfase (Gr. 1 – 3):

Die Grondslagfase het hierdie jaar gefokus op veelsydigheid. Met ‘n fokus om elke leerder die nodige ondersteuning te gee om op ‘n akademiese-, kultuur- en sportvlak te ontwikkel.

Die fokus was op die bevordering van lees in Afrikaans. Opvoeders in graad 3 het groot sukses met lees en leesbegrip behaal as gevolg van die Funda Wande klankebenadering wat vir die eerste keer in graad 3 geïmplementeer is. Graad 2-leerders het ook tydens die akademiese week die kans gekry om te woeker met hul skryfvaardighede deur ‘n boek in pare te skryf en dit te publiseer.

Daarna het die graad-2 leerders hul storieboeke aan die graad 1-leerders voorgelees. Dit het vir hope pret gesorg. Ons Jannies het die kans gekry om vir die intersenfase te lees, om die leerders se woordherkenning op ‘n prettige manier te bevorder. WOW-spelfees was ook een van die hoogtepunte in die Grondslagfase wat ook ‘n geleentheid aan leerders gebied het om hul klank- en spelvaardighede te oefen.

Opvoedkundige uitstappies gedurende die jaar en akademiese week het baie opwinding gebied vir elke leerder. Graad 1 en 2 het Hazendal besoek en Graad 3-leerders het die geleentheid gekry om hul eie botter te maak by Soetvlei. Instappies deur Eksperimaats het die leerders op ‘n speel-speel manier geleer en hul persoonlike- en sosiale welstand bevorder. Aangesien graad 4-leerders klasse ruil en dit in die nabye toekoms vir elke graad 3-leerder wag, het die opvoeders die leerders aan klasruiling bloot gestel deur hul die laaste paar weke van die jaar te laat klasse ruil.

Met die fokus op kultuur is klasmusiek geïmplementeer vir alle graad 1- en 2-leerders. Leerders het weekliks klasmusiek by juf. Rolene ontvang waar hul blootstelling aan verskeie musiekinstrumente ontvang het. Hierdie tipe blootstelling het leerders geïnspireer om privaat musieklesse te begin.

Sien hier onder die algemene gemiddelde persentasies per graad vir die **Grondslagfase (Gr. 1 - 3) oor die afgelope akademiese jaar:**



	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3
2021	86,6%	85,8%	84,4%
2022	84,7%	85,2%	82,0%
2023	85,9%	85,7%	79,3%
2024	87,8%	86,0%	80,3%
2025	89,6%	86,0%	80,5%

Intersenfase (Gr. 4 – 7):

- **NWT-Ekspo***:* Op Woensdag, 12 Maart, het ons gr. 5- en 6-leerders vir die eerste keer ‘n Wetenskap-Ekspo in die skoolsaal onder leiding van juf. Marianne Conradie (NWT-vakhoof) aangebied. Die tema was Suid-Afrika, ons wonderlike plante en diere. Die gr. 5- en 6-leerders het hul puik NWT-projekte vir die res van die skool uitgestal om te kom besigtig.

Gr. 7’s se Top 10-prestasie word kwartaalliks aangekondig om motivering aan te wakker ter voorbereiding vir die hoërskool. Ons is baie tevrede met ‘n bestendige handhawing van **akademiese sukses** in die Intersenfase.

Sien hier onder die algemene gemiddelde persentasies per graad vir die **Intersenfase (Gr. 4 - 7) oor die afgelope akademiese jaar:**



	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7
2021	76,1%	77,9%	77,1%	77,4%
2022	77,9%	75,8%	76,0%	77,5%
2023	79,2%	76,6%	75,5%	77,3%
2024	78,0%	77,8%	77,9%	74,5%
2025	76,6%	78,6%	77,5%	76,6%

5. SPORT

In die afgelope vyf jaar het ons doelbewus ’n nuwe rigting ingeslaan: om vir elke leerder méér sportgeleenthede te skep — meer oefentye, meer wedstryde, en meer oomblikke waartydens ons leerders kan groei, ontwikkel en trots wees op hul prestasies. Hierdie doelgerigte fokus het vrugte afgewerp. In 2025 het ons sportprogram nuwe hoogtes bereik en bewys wat moontlik is wanneer ’n hele gemeenskap saamwerk.

Ons sukses is gebou op verskeie pilare:

1. die inkoop en ondersteuning van ons ouers en leerders, wat ons sportgemeenskap dra;
2. toegewyde personeel wat bereid is om ekstra myle te loop vir ons leerders;
3. kwaliteit afrigters wat passievol is oor ontwikkeling en uitnemendheid;
4. ’n skoolhoof en sporthoof wat sport met visie en passie dryf;
5. deeglike beplanning en duidelike kommunikasie, wat verseker dat ons sportprogram professioneel en doelgerig funksioneer.

Sportnaweke is reeds vir 2026 bevestig en op die skoolkalender geplaas. Ouers kan betyds beplan om te verseker dat leerders elke geleentheid het om deel te neem aan sportnaweke en toernooie. Hierdie vooruitbeplanning versterk betrokkenheid en bou momentum deur die hele jaar. Dit sluit liga-wedstryde (bepalings) uit wat eers in 2026 beskikbaar sal wees. Hierdie wedstryde vind almal in die week plaas.

Ons fokus in Graad 1–3, oor al die sportkodes, is om leerders die fondament te gee wat hulle nodig het: deelname, blootstelling en vaardigheidsontwikkeling. Wanneer hierdie grondslag sterk gevestig is, vloei die voordele deur na die senior fase, en dit is juis dáár waar ons die resultate sien in spanprestasie, selfvertroue en volhoubare sportuitnemendheid.

Ons glo vas dat die blootstelling en geleenthede wat ons nou in die jonger leerders belê, die suksesverhale van die toekoms vorm. 2026 is reeds besig om ’n jaar van groei, trots en nuwe mylpale te word, en saam bou ons ‘n sportkultuur wat jaar ná jaar sterker word.

Somersport:

Die gegewe tyd om somersport te oefen het die laaste paar jaar verminder, aangesien skole reeds vroeg in die jaar met wintersport begin. Hierdie jaar was ook ’n uitsondering met slegs vier weke van sport voordat die eksamen begin het. Nietemin het ons leerders steeds talle geleenthede gehad om aan alle somersportkodes deel te neem. Tydens die somersportseisoen het ons ‘n groei in deelname gehad en ‘n totale aantal wedstryde van 264 in 2025. Dit is ’n toename van 26% teenoor 2024 waar ons 210 wedstryde gespeel het.

Vir die derde agtereenvolgende jaar het ons vroeg in Januarie ons ouer-en-kind-sportdag aangebied. Verskeie sporte word gedurende die dag beoefen, en ouers en leerders kry die geleentheid om saam deel te neem. 'n Groot voordeel van die dag is die versterking van gemeenskap en die kans om nuwe ouers te leer ken.

Ons het hierdie jaar vir die volgende sportkodes se ligas ingeskryf:

- Mini-krieket (Table Bay zone)
- Tennis (Table View en Noordelike liga deelname)
- Atletiek (die onderskeie rondes om vir WP asook ander byeenkomste te kwalifiseer)
- Swem (Table Bay- en Noordliga)

Vir al die sportkodes het ons aan toernooie asook ekstra vriendskaplike wedstryde deelgeneem wat deur die sportkantoor gereël is. Dit is om te verseker dat alle leerders genoeg geleenthede deur die jaar kry om te kan deelneem.

Krieket:

Mini-krieket het in 2025 besonder mooi gegroei. Ons het die jaar begin met sewe spanne, en teen die einde van die jaar kon ons reeds tien spanne op die veld plaas. Dit is werklik merkwaardig om die groei te sien. Nie net het die aantal spanne en wedstryde vermeerder nie, maar ook die sukses wat ons spanne deur die jaar behaal het. Ons o.8-groep het 'n ongelooflike jaar beleef. 'n Totaal van 47 wedstryde gespeel en 45 daarvan gewen. Die aantal wedstryde het gegroei van 105 in 2024 na 128 in 2025. 'n Toename van 22%.

Sien die gemiddeldes hieronder:

Gemiddelde Mini-Krieket 2024				
	Wedstryde	Wen	Gelyk	Verloor
	105	56	2	43
Persentasie		53,33	1,90	40,95
Wen of Gelyk	55,24			

Gemiddelde Mini-Krieket - 2025				
	Wedstryde	Wen	Gelyk	Verloor
	128	107	0	21
Persentasie		83,59	0,00	16,41
Wen of Gelyk	83,59			

By ons senior spanne het ons ook merkbare groei beleef. Vir die eerste keer kon ons twee spanne in beide o.11 en o.13 op die veld plaas. Ons fokus was om aan al die spanne genoeg speelgeleenthede te bied, sodat elke speler waardevolle wedstrydtyd kon kry.

Dit het uitdagings ingehou, aangesien ons geen liga-wedstryde ontvang het nie en dus alle wedstryde self moes reël. Ten spyte hiervan het ons spanne steeds baie geleenthede gekry, dikwels teen groter skole, wat tot uitstekende blootstelling en waardevolle ervaring gelei het.

Die aantal wedstryde het van 19 in 2024 tot 31 in 2025 gegroei. 'n Toename van 63%. Ons aantal leerders het gegroei vananf 117 in 2024 na 132 in 2025. Sien die gemiddeldes hier onder:

Gemiddelde Krieket - 2024				
	Wedstryde	Wen	Gelyk	Verloor
	19	8	1	10
Persentasie		42,11	5,26	52,63
Wen of Gelyk	47,37			

Gemiddelde Krieket - 2025				
	Wedstryde	Wen	Gelyk	Verloor
	31	17	0	14
Persentasie		54,84	0,00	45,16
Wen of Gelyk	54,84			

Ons o.13A-span het vir die eerste keer deelgeneem aan 'n 6-aan-'n- kanttoernooi te LS De Kuilen, en ook geskiedenis gemaak om vir die eerste keer te gaan toer. Die toernooi was in Knysna gehou en ons span het die geleentheid gehad om teen vier skole te speel. Dit was uiters suksesvol en ons het drie van die vier wedstryde gewen. Ons eerste span het 11 wedstryde gespeel en ses daarvan gewen. Ons o.11A's het uitstekend presteer en 86% van hulle wedstryde gewen.

Tennis:

Ons het sedert 2021 'n merkwaardige groei in tennis beleef. Vanaf hierdie jaar het ons al ons spanne na die Noordliga geskuif, waar die kompetisie aansienlik sterker is. Die aantal tennisspanne het van ses in 2024 tot nege in 2025 gegroei. Ons getalle het gegroei van 117 in 2024 na 136 in 2025.

Leerders kry reeds op ’n baie jong ouderdom die geleentheid om wedstryde te speel en waardevolle ervaring op te doen.

Ons eerstespanne het ’n uitmuntende jaar gehad. Die eerstedogterspan het vir die eerste keer die Sun City Tennistoernooi gewen, terwyl die seunspan tweede geëindig het in die Brackenfell-toernooi en vir die eerste keer die Welgemoed-toernooi gewen het. Hulle het 19 van hul 26 wedstryde gewen, ’n indrukwekkende prestasie, veral omdat elke wedstryd teen skole gespeel is wat groter as ons is.

Ons o.9’s het vir die eerste keer aan ’n o.9 toernooi te LS Kenridge deelgeneem. Hulle het uitstekend presteer en het 14 van hulle 18 wedstryde gewen.

Die aantal wedstryde het van 75 in 2024 na 102 in 2025 gegroei. ’n Toename van van 36%.

Sien die gemiddeldes hier onder:

Gemiddelde Tennis - 2024				
	Wedstryde	Wen	Gelyk	Verloor
	75	41	4	31
Persentasie		54,67	5,33	41,33
Wen of Gelyk	60,00			

Gemiddelde Tennis - 2025				
	Wedstryde	Wen	Gelyk	Verloor
	102	68	4	30
Persentasie		66,67	3,92	29,41
Wen of Gelyk	70,59			

Atletiek:

Die afloop die 2024 se kleure-atletiek is ons Interskolespan geïdentifiseer en begin reeds op die eerste dag van die nuwe skooljaar met oefening.

Die jaarlikse Interskolebyeenkoms het hierdie jaar op 11 Februarie plaasgevind, met 68 van ons leerders wat deelgeneem het. LS Jan van Riebeeck reël jaarliks die geleentheid, waar nege skole deelneem voordat die finale span gekies word om aan die Zone-kampioenskappe deel te neem.

Uit ons leerders het 18 atlete vir die Zone-kampioenskappe gekwalifiseer, waarvan 9 verder gekies is om aan die Wes-Kaap-kampioenskappe deel te neem. Ons atlete het puik presteer, maar hulle het egter nie WP-kleure behaal nie.

Vir die eerste keer het ons ook aan De-Hoop se atletiekbyeenkoms te Somerset-Wes deelgeneem. Hierdie geleentheid het vir ons atlete ’n waardevolle kans gebied om teen sterk kompetisie gemeet te word. Van ons atlete het 32 deelgeneem, en aan die einde van die dag het ons met 9 medaljes weggestap.

Die maksimum atlete per oefening het gegroei vanaf 148 in 2024 na 161 in 2025.

Die 2025 klere-atletiek het op 3 en 5 Desember plaasgevind. Huis Blou wen vanjaar naelskraap met 7 punte terwyl Huis Oranje die geesbeker verower het.

Swem:

Ons kleure-swemgala is altyd een van die hoogtepunte van die jaar, en alle leerders kry die geleentheid om deel te neem. Die senior swemgala vir graad 4–7 vind eers plaas, gevolg deur die swemgala vir graad 1–3 aan die einde van Februarie. Baie geluk aan Huis Oranje wat die jaar met die louere weggestap het.

Vir die tweede agtereenvolgende jaar neem ons ook deel aan die Table Bay-swemliga, wat ons swemmers meer geleenthede bied om hulle vaardighede te wys. Hierdie jaar het ons nie net aan aflosgalas deelgeneem nie, maar het die galas verdeel tussen individuele-en aflos-galas. Daar was in totaal van agt galas, uitsluitend ons eie Interhuis-gala, waar ons swemmers uitstekend presteer het. In al die galas het ons in die top drie geëindig.

Ons deelname het konstant gebly oor die afgelope paar jaar, met ’n maksimum van 80 swemmers wat die jaar deelgeneem het.

Wintersport:

Daar is altyd opwinding wanneer die wintersportseisoen begin, en ons het reeds in die eerste week van Februarie met voorbereiding begin. Ons eerste toernooi van die jaar het op 7 Maart by die Bulfees in Porterville plaasgevind. Die 2025-seisoen was die eerste keer dat al ons rugbyspanne van o.7 tot o.13 en netbalspanne van o.10 tot o.13 deelgeneem het.

Dit is die derde agtereenvolgende jaar waar al ons eerstespanne onoorwonne in ons Interskole teen Laerskool Dirkie Uys was. Uitslae was soos volg:

- Skaak A-span wen 5 – 1
- Dogtershokkie (o.13A) en 3 – 0
- Seunshokkie (o.13A) speel gelykop 1 – 1
- Netbal (o.13A) wen 15 – 11
- Rugby (o.13A) wen 36 - 28

Hierdie seisoen het verseker dat al ons spanne genoeg geleenthede gehad het om te kompeteer, met 'n totaal van 897 wedstryde - ’n toename van 18% teenoor die 762 wedstryde wat in 2024 gespeel is.

Sien die groei in wedstryde oor die afgelope drie jaar hier onder:

Hierdie statistiek is merkwaardig en kan aan verskeie faktore toegeskryf word: ’n toename in die aantal leerders wat aan sport deelneem, meer geleenthede wat geskep word, en die betrokkenheid van die gemeenskap by die skool.

Vir die derde agtereenvolgende jaar het ons eerstespanne en o.12A-netbalspan na die Suid-Kaap getoer, wat 'n absolute hoogtepunt van die jaar was. Ons spanne het uitstekend gevaar deur 8 van hul 10 wedstryde te wen.

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het ons ook ons jaarlikse mini-netbal- en rugbydag aangebied, wat tydens die eerste naweek van Augustus plaasvind. Met meer as 1 000 deelnemers was dit een van die vele hoogtepunte van die jaar.

<u>Ons het hierdie jaar vir die volgende sportkodes se ligas ingeskryf:</u>

- Netbal (Metro-sentraal)
- Rugby (Geen liga nie, alle wedstryde word self gereël)
- Hokkie (Nie-premier in Table Bay en Noordliga)
- Skaak (Metro-sentraal)
- Landloop

<u>Netbal:</u>

Die was ‘n besonderse jaar vir ons netbalafdeling. Alhoewel ons nie meer in die Noordliga kan deelneem nie, waar sommige spanne nie altyd toegang tot wedstryde in ons liga het nie, het ons spanne steeds baie geleenthede gehad om aan toernooie deel te neem. Ons o.10–o.13 spanne het uitstekend gevaar: die o.10's het die liga gewen, die o.12's het in die finaal verloor, en die o.13's is in die semi-finaal uitgeskakel. Ten spyte daarvan het die o.13's 23 van hul 27 wedstryde gewen, insluitend beide Interskole teen LS Dirkie Uys en LS Welgemoed, met 'n wenrekord van 85%.

Ons netbalgetalle groei jaarliks: deelname het vanaf 148 spelers in 2024 na 157 in 2025 gestyg. Die aantal spanne het van 20 na 21 toegeneem, en die totale wedstryde het van 332 in 2024 na 374 in 2025 gegroei. 'n Toename van 13%. Sien die gemiddeldes hier onder:

Gemiddelde Netbal - 2024							
	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
	332	2210	1830	380	161	17	154
Persentasie					48,49	5,12	46,39
Wen of Gelyk	53,61						

Gemiddelde Netbal - 2025							
	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
	374	2655	1882	773	197	28	146
Persentasie					52,67	7,49	39,04
Wen of Gelyk	60,16						

Sien die winterseisoenuitslae vir die o.7 – o.13 netbalwedstryde per span hier onder:

Spanne	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
o.7A	16	68	25	43	12	0	4
o.7B	17	25	35	-10	4	5	8
o.7C	2	4	0	4	2	0	0
o.8A	15	34	93	-59	4	2	9
o.8B	15	35	52	-17	6	0	9
o.8C	16	42	87	-45	3	1	12
o.9A	16	78	131	-53	6	2	6
o.9B	18	101	91	10	10	1	6
o.9C	18	64	83	-19	7	1	10
o.10A	24	220	98	122	19	0	5
o.10B	22	182	105	77	13	3	6
o.11A	26	171	145	26	11	2	13
o.11B	14	57	88	-31	4	3	7
o.11C	14	42	71	-29	4	1	9
o.12A	29	453	181	272	22	1	6
o.12B	22	201	102	99	16	1	5
o.12C	14	44	70	-26	4	1	9
o.12D	12	40	29	11	6	1	5
o.13A	27	572	184	388	23	1	3
o.13B	21	160	103	57	16	2	3
o.13C	16	62	109	-47	5	0	11

Hier kan ons duidelik sien dat daar baie moeite gedoen word om vir ons B- tot D-spanne genoeg geleenthede te skep om wedstryde te speel.

<u>Rugby:</u>

Rugby is die enigste wintersport waar ons geen liga-wedstryde ontvang nie, en alle wedstryde word deur die sportkantoor gereël. Hierdie jaar het ons die besluit geneem om die meerderheid wedstryde op Saterdae te speel. Dit stel ons in staat om twee oefensessies per week aan te bied en sodoende meer tyd vir vaardigheidsontwikkeling en spelpatrone te skep.

Ons meet ons groei aan die gehalte van ons opponente, en daarom speel ons doelbewus teen sterker kompetisie om te verseker dat al ons spanne wedstryde kry. Ons o.13A-span het 'n uitmuntende jaar beleef en beide LS Dirkie Uys en LS Welgemoed in ons interskole-wedstryde gewen. Hulle was egter baie ongelukkig om met 29 – 27 teen LS Kenridge vas te val, 'n duidelike bewys dat ons manne vir geen skool terugstaan nie.

Rugby het die afgelope paar jaar merkwaardig gegroei. Ons totale spelers het toegeneem van 115 in 2024 tot 128 in 2025. Vir die eerste keer kon ons twee spanne vir elke ouderdomsgroep vanaf o.7 tot o.13 op die veld plaas. Die aantal wedstryde het ook gestyg, van 138 in 2024 na 153 in 2025.

Sien die gemiddels hier onder:

Gemiddelde Rugby - 2024							
	Wedstryde	Punte +	Punte -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
	138	1768	2152	-384	66	9	63
Persentasie					47,83	6,52	45,65
Wen of Gelyk	54,35						

Gemiddelde Rugby - 2025							
	Wedstryde	Punte +	Punte -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
	153	2125	2168	-43	61	11	81
Persentasie					39,87	7,19	52,94
Wen of Gelyk	47,06						

Sien die winterseisoenuitslae vir die o.7 – o.13 rugbywedstryde per span hier onder:

Rugby							
Spanne	Wedstryde	Punte +	Punte -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
o.7A	17	180	110	70	8	3	6
o.7B	14	195	295	-100	6	0	8
o.8A	17	160	185	-25	7	1	9
o.8B	15	275	160	115	8	0	7
o.9A	19	175	240	-65	6	5	8
o.9B	16	295	145	150	9	2	5
o.11A	16	196	247	-51	5	0	11
o.11B	11	81	201	-120	2	0	9
o.13A	15	421	307	114	8	0	7
o.13B	13	147	278	-131	2	0	11

Met deeglike beplanning, kon ons verseker dat alle spanne ongeveer dieselfde aantal wedstryde deur die seisoen speel.

Hokkie:

Vandat ons hokkie in 2021 begin het, is dit die sport wat die grootste groei in deelname toon. Ons leerders neem met entoesiasme en oorgawe deel, en ons het tans 'n totaal van 27 hokkiespanne, vier meer as in 2024 en sewe meer as in 2023. Met hierdie indrukwekkende groei het ons vanjaar 'n sintetiese veld by die skool gelê. Dit bied ons leerders die geleentheid om reeds van 'n jong ouderdom af die nodige vaardighede aan te leer om op astro te speel, terwyl dit ons senior spanne ook in staat stel om hulle hoekies, spelpatrone en taktiese struktuur te slyp.

Ons deelnamegetalle groei veral sterk onder ons jongste leerders, wat met groot ywer aan die sport wil deelneem. Beide ons o.7A- en o.8A-seunspanne was vanjaar onoorwonne, 'n uitmuntende prestasie.

Die aantal spelers wat hokkie speel, het gestyg van 201 in 2024 na 231 in 2025.

Die totale aantal wedstryde vir seuns en dogters het ook van 285 in 2024 tot 324 in 2025 gestyg.

'n Toename van 14%. Sien die gemiddeldes vir dogtershokkie hier onder:

Gemiddelde Hokkie Dogters - 2024

	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
	129	212	295	-83	51	16	62
Persentasie					39,53	12,40	48,06
Wen of Gelyk	51,94						

Gemiddelde Hokkie Dogters - 2025

	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
	140	224	256	-32	52	25	61
Persentasie					37,14	17,86	43,57
Wen of Gelyk	55,00						

Sien die gemiddeldes vir seunshokkie hier onder:

Gemiddelde Hokkie Seuns - 2024

	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
	156	325	166	159	89	23	44
Persentasie					57,05	14,74	28,21
Wen of Gelyk	71,79						

Gemiddelde Hokkie Seuns - 2025

	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
	184	453	200	253	120	23	41
Persentasie					65,22	12,50	22,28
Wen of Gelyk	77,72						

Seunshokkie is die wintersport wat die vinnigste groei en toon uitstekende resultate.

Sien die winterseisoenuitslae vir dogters- en seunshokkie hier onder:

Hokkie Dogters							
Spanne	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
o.7A	14	38	28	10	9	1	4
o.7B	14	26	12	14	2	2	10
o.8A	14	8	56	-48	2	2	10
o.8B	5	2	9	-7	0	2	3
o.9A	18	63	20	43	13	2	3
o.9B	7	22	13	9	5	0	2
o.10A	15	13	34	-21	4	3	6
o.10B	9	5	22	-17	1	1	7
o.11A	11	13	25	-12	2	4	5
o.11B	5	3	5	-2	1	1	3
o.13A	17	16	24	-8	7	4	6
o.13B	11	15	8	7	6	3	2

Hokkie Seuns							
Spanne	Wedstryde	Doele +	Doele -	Verskil	Wen	Gelyk	Verloor
o.7A	13	41	7	34	11	2	0
o.7B	13	41	6	35	9	2	2
o.7C	6	14	10	4	4	0	2
o.8A	15	65	5	60	14	1	0
o.8B	12	30	14	16	7	2	3
o.8C	5	6	8	-2	1	3	1
o.9A	18	64	29	35	12	3	3
o.9B	18	38	30	8	8	3	7
o.10A	13	31	16	15	10	1	2
o.10B	11	30	11	19	9	0	2
o.10C	8	3	24	-21	1	1	6
o.11A	12	29	11	18	8	2	2
o.11B	10	17	8	9	7	0	3
o.13A	18	21	14	7	10	3	5
o.13B	12	23	7	16	9	0	3

Skaak:

Ons skaakspelers het hierdie jaar ’n uitsonderlike seisoen beleef. Baie jong leerders het vir die eerste keer begin skaak speel, en gevolglik het ons getalle merkbaar gegroei.

Drie van ons leerders het die besondere prestasie behaal om WP-kleure te verower.

Beide ons o.9- en o.13-spanne het aan die liga deelgeneem en uitstekend gevaar. Die o.9-span het die liga gewen, terwyl die o.13-span ’n knap derde plek behaal het, ’n mylpaal, aangesien dit die eerste keer is dat een van ons spanne die liga wen. Die o.9-span het na die Wes-Kaap rondte deurgedring, waar hulle uiteindelik ’n indrukwekkende vierde plek verwerf het. Dit is ’n groot prestasie vir ons skool en ons is uiters trots op al ons skaakspelers.

Daarby het ons skaakspan vir die eerste keer aan ons Interskole teen LS Dirkie Uys deelgeneem, waar ons as wenners gekroon is.

Sien die aantalleerders wat aan die verskillende wintersporte deelgeneem het hier onder:



Provinsiale - / SA-kleure

Ons spog die jaar weer met verskeie leerders wat hulle provinsiale kleure verwerf het:

1	Stella Pansegrouw	WP-Kleure	Tennis Netbal Aksie-netbal
2	Jeanne van Heerden	WP-Kleure	Tennis Netbal
3	Amelie van der Walt	WP-Kleure	Tennis
4	Maia du Toit	WP-Kleure	Tennis
5	Willem Viljoen	WP-Kleure	Tennis
6	Nils le Roux	WP-Kleure	Tennis
7	Rafa Lamprecht	WP-Kleure	Tennis
8	Anouk van der Linde	WP-Kleure	Aksie-netbal
9	Christiaan Cronje	WP-Kleure	Stoei
10	Alexander Wille	WP-Kleure	Skaak
11	Christina du Toit	WP-Kleure	Skaak
12	Kyle Meissenheimer	WP-Kleure SA-Kleure	Skaak Karate
13.	Aiyana Alfredo	WP-Kleure	Akrobatiese Solodans
14.	Klara Jansen van Rensburg	WP-Kleure	Gimnastiek

Dit was 'n jaar vol hoogtepunte, en ons is uiters trots op elke leerder wat deelgeneem het. Julle toewyding, deursettingsvermoë en spangees het nie net individuele vaardighede laat groei nie, maar het ook ons sport na nuwe hoogtes geneem. Elke poging en elke wedstryd het bygedra tot 'n gesamentlike sukses waarvan ons almal deel is.

6. HUPPELLAND

In Januarie is ons indrukwekkende balletateljee voltooi. Na maande se ongerief, stowwerigheid, bougeraas en bourommel is die projek voltooi. Tydens die Junie-vakansie is daar nuwe heinings links en regs van Huppelland se ingang opgerig. Daar is wesenlike ontbossing gedoen om die heining op te sit en Huppelland se ingang lyk nou werklik wêreldklas. Alle bome op die speelgrond, asook ons reuse palmboom by die ingang van die skool, is gedurende die vakansie gesnoei.

Ons het twee groot **Boekverkopings** gedurende die jaar gehad. Ons eerste een was op 17 & 18 Maart deur KoueKoffieBoeke behartig en was ‘n reuse sukses. Ons tweede boekverkoping was op 19 & 20 November deur The Book Box gehou. Ons ouers was gaande daaroor en ‘n klomp pragtige boeke is gekoop. Huppelland het deur die verkope in totaal 30 splinternuwe boeke present gekry van die wins wat deur deur die twee maatskappye gemaak is.

Ons het drie suksesvolle **Markdae** vanjaar gehou. **Kaartjies is vir die eerste keer op Karri teen R 55 per kind verkoop**. Elke kind kon dan vier items by die tafels koop. Ons het met die Valentyns-markdag in Februarie begin, toe was dit ons Erfenis-Markdag en laastens was dit ons Kersmarkdag. Die totale inkomste gemaak tydens die drie markdae is R 26 655. Hiermee is nuwe speelgrondtoerusting en speelgoed vir ons sandputte gekoop. Ons kon ook die tuine voor en agter verder hiermee voltooi en mooi afrond.

Daar het ook **oog- en gehoortoetse, asook spraaksiftingstoetse** plaasgevind. Dit was vrywillig en ouers kon self besluit of hulle kleuters se oë, ore of spraak getoets moes word. Hierdie toesting vind elke jaar plaas en help baie met die vroeë identifisering van moontlike probleme wat kleuters se leer mag belemmer.

Ons het kwartaal 1 met ons jaarlikse **Oupa en Ouma of Spesiale Persone Dag op 27 Maart afgesluit**. Dit was ‘n onvergeetlike oggend en almal het gehelp. Ons OOV-ouers het twee pragtige boë gemaak en Stef Bos het weer ons Huppellandliedjie saam met die leerders kom sing.

In kwartaal 2 het ons die jaarlikse **Gr R-Oueraand gehad** wat deur Opvoedkundige Sielkundige, Elaine Scholtz, gehou is. Haar praatjie ‘Speel-speel gereed vir gr. 1’s was uiters interessant en ons gr. R-ouers het wyser en vol idees weggestap.

Verder het een van ons pappas ook al **die nuwe heinings en hekkies om ons terapiekamer**, by die voorste trappies langs die balletateljee en by die ingang wat na die toilette lei, geskenk. Dis ‘n reuse geskenk waarvoor Huppelland oneindig dankbaar is.

Nog vernuwing op die speelgrond is ons **kreatiewe muurkuns buite die Vissieklas**, by ons agterste speelgrond. Een van ons kunstenaar-mammas, Miné Day, het die pragtige muur vir ons geïllustreer en geverf. Sy het wel ook ‘n span mammas van die Vissieklas en vanuit die ander klasse gehad wat die illustrasie kom inkleur het.

In Mei word ons betaande Gr. R-tuin uitgebrei om ‘n sensoriese paradys vir die kleuters te word. Ons het die huidige smal beddings tot teen die nuwe heining vergroot en klipmuurtjies is om die beddings gebou om alles netjies af te rond. Twee nuwe plantbakke van klip is ook bygevoeg. Pauli White, ‘n gr. R-mamma wat ‘n Landskapsargitek is en ook die eienaar van Kalm Kind is, het ons met hierdie groot projek gehelp. Sy het tydens die Julie-vakansie saam met George en Felix gewerk om hierdie droomtuin ‘n realiteit te maak. Vir meeste van die derde kwartaal was die tuin toegespan om vir die plantjies kans te gee om sterk te word. Verder het ons ook ‘n skenking van Paula le Roux gekry om die unieke granietklippe vir die tuin te kan koop wat deel van Pauli se ontwerp was. Pauli het die plasing van die klippe mooi beplan en in die Paarl laat sny. Die klippe is met ‘n hyskraan in die tuin geplaas en rond die droomtuin nou pragtig af. Wolkies (ons sit- en lêklip), Geselsies (ons drie geselsklippe) en Geskenkie, ons waterbakkie wat geskenkies van die natuur kry. Pauli het verder ook die feetjietuin pragtig uitgelê en oorgedoen. Dit was ook te danke aan ‘n anonieme borg.

Laastens, kon ons ook vir ons agterste speelgrond hulle eie feetjiebak laat plant. Dit is ook deur Pauli beplan en uitgelê. Ons het ‘n bestaande plantbak laat regmaak wat nou pragtig lyk.

Huppelland het ook Mandela-dag gevier. Ons kleuters het gesonde toebroodjies skool toe gebring, wat deur die Isibindi Initiative na verskeie tehuise versprei is.

Huppelland hou daarvan om elke jaar 'n verskil te maak en om betrokke te raak by welwillendheidsprojekte wat deur ouers bestuur word en 'n groot verskil in ander leerders se lewens maak. Hierdie jaar het ons by die Isibindi Thrift Studio betrokke geraak. Isibindi Initiative is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy (2020/476542/08; Art. 18A-930070963) wat in Junie 2020 gestig is. Soos enige nie-winsgewende organisasie moet hulle kreatief dink oor hoe hulle fondse genereer om na jongmense in nood om te sien. Hulle het op 1 Mei 2025 hulle eie Thrift Studio en koffiewinkel in Ysterplaat begin om fondse vir al hulle tehuise te genereer. Dit is ‘n pragtige ruimte waar mense kan klere koop en waar jy ook ‘n koppie koffie kan geniet terwyl jy na Tafelberg kyk. Huppelland het sedert Julie kinder- en volwasseklere na die skool gebring wat hulle vir die projek skenk. Ons het massas klere ontvang.

Huppelland se jaarlikse Kunsuitstalling, wat ook as ons groot fondsinsameling dien, het vanjaar op Donderdag 23 Oktober plaasgevind. Dit was weereens ‘n reuse sukses. Dit was ‘n betowerende aand waar al ons ouers hul kleuters se unieke kinderkuns en kreatiwiteit kon beleef. Ons drie kunstenaars wat hierdie jaar ons leerders se kuns geïnspireer het, was: Gr R: Michal Turner, Gr 0: Jackie Veldman en Gr 00: Austen Gordon. Tina le Cordeur, ‘n mamma by Huppelland en eienaar van ‘Source Artistry’, het ons gehelp om die drie kunstenaars te identifiseer en te nader. Elke kunstenaar het reeds in kwartaal 2 die verskeie grade apart kom besoek. Hulle het tydens hulle besoek aan Huppelland met die kleuters gepraat, meer van hulself vertel en van hulle ongelooflike kuns vir die leerders gewys. Hulle het daarna ook tyd met ons opvoeders spandeer om die kunsmedium, die tipe papier wat gebruik moet word en hoe hulle die projek kan aanpak om vir kleuters te vereenvoudig, bespreek. Hulle het tydens die maak van die kunswerke ook hulp kom verleen en Jackie Veldman het selfs saam met die kleuters gesit en geverf. Die kunstenaars was ook al drie by die uitstalling en was in vervoering oor die kleuters se kunswerke. Ons sê net weer baie dankie vir hulle tyd, moeite en inspirasie tydens die projek. Wat ‘n voorreg om vir ons kleuters hierdie blootstelling te kan gee!

Gr R se eerste groot uitstappie van die jaar het in Augustus plaasgevind. Die kleuters het **Vlooi by die Kunstekaap-teater** gaan kyk en was gaande oor die ervaring. Hulle kon nie ophou praat oor die vertoning nie.

Die voorste skadunette op ons Gr R-speelgrond is met nuwe, grys nette vervang**.** Die nuwe nette pas mooi by ons dakke en ons speelgrond lyk sommer weer vars.

Die ou tashokkies vir ons Gr. 00-klassies is tydens die Oktober-vakansie vervang met netjiese ingeboude tashokkies. Ons het ‘n fondsinsameling gehou, en ‘n paar ouers het geweldig ruim bygedra. Die hokkies lyk super netjies en rond die area mooi af.

Ouers in die Skapieklas het pragtige kaste vir Anike laat inbou. Ouers het ook juf. Kerry-Leigh se badkamer in haar Beertjieklas pragtig oorgedoen**.**

By ons agterste speelgrond het ons ‘**n nuwe klimmuur** teen ons terapiekamer se gladde gras-glyplank laat opsit en ‘n pragtige **nuwe swaai** is aangekoop.



Besproeiing is ook by Huppelland geïnstalleer. Die projek is op 1 Desember voltooi. George glimlag breed en ons voel baie meer gerus oor die warm somervakansie wat voorlê, wanneer hier niemand is om nat te gooi nie.

Kameras is oral buite en op sekere strategiese plekke binne geïnstalleer. Hierdie kameras kan nou van Louise Neser se foon gemonitor word, asook vanuit Roxanne se kantoor. Om kameras binne-in die klasse te laat installeer, is die volgende belangrike stap.

Toekomsplanne:

1. Vernuwing van die Gr. R-badkamers.
2. Vervanging van die agterste grasarea wat baie oud en verweer is.
3. Skadunette vir die motors.
4. Stoorkamer vir die Gr. R-klasse.
5. Stoorkamer & kombuisie tussen Marnelle en Magdel se klasse.

7. KULTUUR

Hierdie jaar het die Kultuurdepartement op vele terreine groei getoon en nuwe uitdagings aangepak. Ons neem vir die eerste keer deel aan die ATKV-Tjokkertoneelfees en die senior koor onderneem ‘n koortoer na George om aan die Cantamus Koorfees deel te neem. Hierdie jaar was Jannies Talent weer aan die beurt en dit was ‘n reuse sukses! Die musiekdepartemente se instrumentele aanbieding berei uit, en sluit in 2025 ook lesse in sang (graad 4-7), tjello, dwarsfluit en klarinet in. Dit was ‘n bedrywige jaar met baie hoogtepunte en definitief ‘n jaar om met trots na terug te kyk.

Laerskool Jan van Riebeeck se **individuele musiekprogram** het nie net in getalle gegroei nie, maar die aanbieding het ook in terme van instrumentkeuses uitgebrei. Nuwe instrumente en musiekopvoeders wat hierdie jaar by ons aangesluit het, sluit die volgende in:

- Individuele Sangonderrig (Graad 4-7) – Pieter Bezuidenhout
- Dwarsfluit – Lily van der Merwe
- Klarinet – Paul Richard
- Tjello – Reece Allum (sluit eers in Mei by die skool aan)
- Klavier – Bea de Wit
- Viool – Pieter Joubert



Die klavierdepartement het verder uitgebrei met die deeltydse aanstelling van Bea de Wit in die derde kwartaal. Hierdie aanstelling is genoodsaak deur die onverwagse aftrede van Estelle Slabber. Pieter Joubert sluit as vioolonderwyser in kwartaal 3 by ons aan en neem die onderrig van die Graad 1-vioolgroepe en individuele vioolonderrig by Larah Eksteen oor. Die uitgebreide instrumentele aanbieding stel die opsie vir belangstellende leerders om in te skryf om onderrig in meer as een instrument te ontvang. Daar is heelwat musiekleerders wat hierdie geleentheid gebruik en ‘n tweede instrument leer speel. Leerders, veral klavierleerlinge, word aangemoedig om orkesinstrumente te oorweeg, sodat hulle in die toekoms by ‘n houtblaasensemble, strykensemble, of orkes kan inskakel. Ons het ook hierdie jaar marimbas as ‘n buitemuurse aktiwiteit aangebied. Hierdie lesse is deur Alistair Dickerson onderrig.

Die individuele musiekprogram word ondersteun deur **groeplesse** wat vir leerders in Graad 1 en 4 aangebied word. Hierdie groepslesse word in graad 1 as deel van klasmusiek en graad 4 as deel van Drama vir die leerders aangebied. Die instrumente wat tydens hierdie groepslesse gebruik word, word deur die skool aan die leerders voorsien. Die doel van die groepslesse is om leerders blootstelling aan instrumente te gee wat hulle moontlik andersins nie sou oorweeg om te leer speel nie.

In Graad 1 word groepslesse in viool aangebied as deel van klasmusiek, wat ‘n nuwe aanwins vir alle grondslagfase leerders is. Elke groep (ongeveer 5 of 6 leerders per groep) kry kans om vir ‘n kwartaal vioolles in groepsverband te neem en blootstelling aan die instrument te kry. Elke kwartaal word daar ‘n nuwe groep leerders gekies om hierdie lesse by te woon, sodat alle graad 1 leerders teen die einde van die jaar vioolonderrig in groepsverband ontvang het. Hierdie lesse gebeur weekliks tydens die klasmusiekperiode. Die graad 4’s het ‘n soortgelyke program: in hierdie jaargroep word slegs belangstellende leerders gekies om vir ses maande in groepsverband (2 tot 3 leerders per groep) musiekonderrig in klarinet te ontvang. Vanuit beide hierdie programme word talentvolle en belangstellende leerders geïdentifiseer en individuele onderrig in die instrument aangemoedig. Hierdie program brei in 2026 uit om ook groepsonderrig in tjello vir Graad 2’s in te sluit. Die ideaal is om deur hierdie blootstelling die individuele musiekprogram uit te brei en ‘n onderbou in plek te stel vir die stig en uitbreiding van instrumentele ensembles.

Om die groepslesse aan te bied, het die skool in die aankoop van nuwe instrumente belê. Ons het reeds in 2024 half-grootte viole aangekoop vir die vioolgroepe, wat weer in 2025 vir dieselfde doel gebruik is. Die skool het hierdie jaar vier klarinette aangekoop vir die groepsonderrig in klarinet. Hierdie instrumente word nie tans uitverhuur nie, en leerders kan ook nie die instrumente huis toe neem om te oefen nie. Ander instrumente wat aangekoop is om die musiekdepartement se toenemende behoeftes te ondersteun, is 'n Roland Digitale Klavier en 'n goeie kwaliteit klankversterker vir die dringende behoefte hieraan in kitaaronderrig. Musiekstaanders en musiekboeke is ook aangekoop om die toerusting en onderrigmateriaal in die departement op te bou en op datum te hou. Noodsaaklike onderhoud is aan die hele departement se klaviere gedoen. Die klaviere is ook vir 'n tweede keer, later die jaar, gestem. Volgehoue onderhoudswerk word vir die toekoms beplan om sodoende die instrumente in stand te hou en goed op te pas.

'n Belangrike toevoeging tot die skool se musiekaanbieding, is die insluiting van **Klasmusiek** vir graad 1's en 2's. Elke klas het 'n 30-minuut klasmusiekperiode per week, waar daar gefokus word om musiekvaardighede en -kennis reeds op 'n jong ouerdom by leerders te vestig. 'n Kodaly-benadering word gevolg, wat vanuit die staanspoor aanmoedig dat musiek toeganklik vir alle leerders is. Ons maak daarom in klasmusiek meestal gebruik van leerders se sangstemme as instrument- en opvoedkundige hulpmiddel. Deur te sing en musiekspeletjies te speel, leer leerders alle basiese musiekvaardighede en woordeskat. Die Kodaly-benadering fokus ook op gehoorontwikkeling, en gebruik leerders se sangstemme om hul gehoor wakker te maak. Hier moet leerders eers luister, hoor en verstaan voordat enige visuele musiek-spesifieke simbole oorgedra word. Ons fokus daarom om musiek toeganklik vir alle leerders te maak, en om deur sang die nodige musiekvaardighede by alle leerders te vestig en 'n liefde vir musiek te kweek.

Dit is wonderlik om te sien hoeveel leerders aan ons jaarlikse **musiekkonserte** deelneem. Ons konserte begin ook reflekteer dat daar toenemende hoeveelhede leerders is wat twee instrumente beoefen. Buiten vir die groter belangstelling wat daar ontstaan om aan konserte deel te neem, handhaaf die deelnemende leerders 'n hoë musikale standaard in hul spel. Dit is te danke aan uitnemende voltydse en deeltydse musiekopvoeders wat met deernis, omgee, en volkome toewyding onderrig gee.

Ons eerste reeks musiekkonserte het aan die einde van Kwartaal 1 plaasgevind. Die datums en deelnamegetalle lyk as volg:

Skoolgraad	Datum van konsert	Deelnemende leerders	Leerders wat 2 instrumente speel
Graad 2	24 Maart	19	1
Graad 3	24 Maart	23	
Graad 4	26 Maart	21	
Graad 5	26 Maart	14	3
Graad 6	20 Maart	20	1
Graad 7	24 Maart	12	3

Die doel van hiérdie konserte is om elke leerder wat 'n musiekinstrument speel, die geleentheid te gee om op te tree. Die graad 1-musiekleerders het nie by hierdie konserte opgetree nie – die eerste kwartaal vereis

van hierdie leerders om by groot veranderinge in roetine en werkswyses aan te pas, en hulle skakel daarom eers by konserte later in die jaar in. Ons verwelkom almal op die verhoog en moedig leerders aan om deel te neem. Die konserte gee elke leerder en onderwyser ook ‘n mikpunt waarvoor hulle doelgerig en met fokus kan werk. Veral vir beginners is dit ‘n wonderlike geleentheid om vroeg in hul musikale ontwikkeling reeds bekendstelling aan die verhoog te kry. Hierdie getalle reflekteer nie noodwendig die ingeskrewe musiekleerlinge aan die einde van 2025 nie. Buiten vir die verwagte aantal leerders wat musieklesse staak óf begin, is daar vier faktore wat deur die jaar die musiekgetalle positief beïnvloed het. Die verwagting is dat daar verdere groei sal plaasvind in verál hierdie areas in die komende jaar met die 2026 musiekaansoeke:

- Aanstelling van Reece Allum in Mei: Hy begin met 3 leerlinge - Emma Venter, Pieter Derksen, Henry Jordaan.
- Graad 1-vioolgroepe: Emma-Jane Wilke en Eduan Naudé begin met vioolles na aanleiding van die groepslesse.
- Graad 4-klarinetgroepe: Benjie Ntloko word ontdek as begaafde klarinetspeler en kies om met klarinetonderrig voort te gaan.
- Aanstelling van Bea de Wit: Leerlinge wat op ‘n waglys was vir klavier, het in Kwartaal 3 by die musiekdepartement aangesluit: Frannie Samuel, Matthias Ackerman, Pierre du Toit, Elsie Janse van Rensburg, Alexander de Kock en Emma Kuys.

Hierdie jaar was daar vir die eerste keer ‘n Musiekkonsert ook aan die einde van Kwartaal 2. Die rede vir hierdie konsert is tweeledig: eerstens, was daar heelwat musiekleerders wat gereed was om op te tree en, tweedens, het ons ‘n geleentheid geskep vir die senior koor om hul repertorium ter voorbereiding van die koorkompetisie in George te sing. Die ISF- en GF Musiekkonserte het onderskeidelik op 19 en 26 Junie plaasgevind, en sal jaarliks op die skoolkalender verskyn. Buiten vir die senior koor se optrede by die ISF-konsert, het die marimbagroep en strykensemble ook opgetree. Die program in beide fases reflekteer ‘n groot verskeidenheid instrumente en ‘n hoë vlak van ontwikkelende musikantskap.

Die volgende konserte wat deur die Musiekdepartement aangebied is, is die kultuurkonserte in kwartaal 4. Hierdie jaar het die aantal kultuurkonserte vir die ISF vermeerder tot drie, wat ‘n belangrike aanduiding van die musiekdepartement se groei die afgelope jaar is. Die GF het volstaan by ‘n enkele konsert. Die Kultuurkonserte is die skool se venster waardeur ons al die toppresteerders wat aan Eisteddfods of eksterne eksamens deelgeneem het, ‘n platform gee om hul talente en harde werk met die skoolgemeenskap te deel. Die datums van hierdie konserte lui as volg: 29, 30 en 31 Oktober.

Daar is ‘n toename in die aantal leerders wat voorberei en inskryf vir **eksterne musiekeksamens**. Die verskeidenheid instrumente waarvoor leerders vir hierdie eksamens ingeskryf het, het ook uitgebrei: saksofoon-, viol- en kitaareksamens. Internasionale eksamen sillabusse (soos Trinity) word ook deur meer musiekopvoeders gebruik, en UNISA word nie meer uitsluitlik as eksterne eksamenstandaard aanvaar nie.

Baie geluk aan die volgende musiekleerders wat 70% en meer vir hul onderskeie musiekeksamens ontvang het:

UNISA (Prakties)		
Antjie Samuel	Klavier Graad 2	80%
Olivia Blackmore	Klavier Graad 2	70%
Ella Grey	Klavier Graad 2	80%
Susie Samuel	Klavier Graad 4	70%
Ella van der Walt	Klavier Graad 1	73%
Luc Durand	Klavier Voorgraad 1	70%
Anya Greeff	Klavier Voorgraad 1	83%

UNISA (Teorie)		
Antjie Samuel	Graad 1	95%
Ruben de Ridder	Graad 3	91%

Trinity		
Ruben de Ridder	Klavier Graad 4	83
Abigail Fourie	Klavier Graad 1	89
Peter More	Viool Graad 2	Punte nog nie bekend nie
Jacob Venter	Viool Graad 2	82
Peter More	Viool Graad 2	
Anna Sophia Leach	Viool Graad 1	92
Martin Crots	Viool Voorgraad 1	88
Lukas van der Westhuizen	Saksofoon Graad 1	93
Lukas Venter	Saksofoon Graad 1	94
Natalie Lawson	Saksofoon Graad 1	95
Abigail Theron	Klassieke Kitaar Graad 4	
Emilie Theron	Klassieke Kitaar Graad 2	89

Gedurende Augustus het ons leerders aan die Jan van Riebeeck Kunstefees te Hoërskool Jan van Riebeeck en die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod deelgeneem. Ons het 'n groot verskeidenheid inskrywings vir die **HS Jan van Riebeeck Kunstefees** ingestuur, wat kategorieë soos voordrag, kreatiewe skryfwerk, kuns en

musiek ingesluit het. Jamie Jordaan (Graad 6) wen die prys vir die mees veelsydige deelnemer by hierdie Kunstefees.

Hoërskool Jan van Riebeeck Kunstefees	
Kategorie	**Aantal Inskrywings**
Instrumentaal en Sangsolos	25
Voordrag en Toneel	11
Kuns en Skryfkuns	39
Ensembles	4

Die laerskool se strykensemble, onder leiding van Shannon Cook, het hierdie jaar ook nuwe doelwitte nagejaag om hierdeur gefokus te werk aan die ontwikkeling van die groep se vaardighede. Hulle het aan die Jan van Riebeeck Kunstefees deelgeneem en baie goed presteer. Buiten vir die ensemble se optredes by die skool (musiekkonserte en Kerskonsert), het die strykensemble hierdie jaar ook by die *Nootvas Musiekfees* te Curro Durbanville 'n item gelewer. Welgedaan aan die strykensemble.

Die **Kaapse Afrikaanse Eisteddfod** inskrywings het gefokus op die volgende kategorieë: solosang, voordrag, en instrumentale deelname. Ons instrumentale inskrywings dui veral groei in die hoeveelheid inskrywings vir 'n groter verskeidenheid instrumente- en ensemblegroepe. Ons leerders het uiters goed presteer en daar is 'n aantal medaljewenners in die onderskeie kategorieë aangewys.

Kaapse Afrikaanse Eisteddfod		
Kategorie		**Aantal Inskrywings**
Solosang		23
Spraak		82
Instrumentaal	Klavier	31
	Viool	11
	Houtblasers	7
	Kitaar	5
	Ensembles	5

Silwer medaljes is deur die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod (KAE) aan die volgende leerders toegeken:

- Frannie Samuel: Gedig Graad 1
- Floris Muller: Gedig Graad 1
- Cornelia Opperman: Gedig Graad 2
- Jean-Jacques Rossouw: Gedig Graad 3
- Mika van der Walt: Gedig Graad 4
- Antjie Samuel: Gedig Graad 5
- Gerhard Conradie: Gedig Graad 6
- Antjie Samuel: Lees Graad 5-6
- Coreen Scholtz: Lees Graad 5-6
- Gerhard Conradie: Lees Graad 5-6
- Susie Samuel: Lees Graad 7
- Jamie Jordaan: Unprepared Reading Graad 6
- Susie Samuel: Unprepared Reading Graad 6
- Antjie Samuel: Unisa-prys
- Coreen Scholtz: Afrikaanse Lirieke Junior

Die jaar 2025 spog ook met die skool se deelname aan die ATKV Tjokkertoneelfees op 20 Augustus by die Baxter Teater. Onder leiding van juf. Jana Nel, het hierdie groep leerders die toneelstuk, "Skobbejak" voorberei en opgevoer. Hulle het 'n sertifikaat vir deelname en 'n brons toekenning vir kostuums ontvang. Dit is nog 'n wonderlike geleentheid wat vir die leerders daargestel is, om op kultuurgebied ervaring op te doen en deel te neem. Hierdeur het die leerders nie net meer geleer oor die dramatiese kunste nie, maar ook hulself blootgestel aan 'n besonderse ervaring en geleentheid tot selfverryking. Die volgende leerders het as akteurs in die toneelstuk, "Skobbejak", opgetree: Elisabet Marais, Zani Scholtz, Abigail Theron, Abigail Fourie, Leo Wiese, Cara Nel, Felix Ferreira, Jayden Henning, Pieter Rademeyer, Nell du Toit, Gabrielle Buckenham, Dané van Schalkwyk, Christiaan Greyling (tegnies).

Die musiekdepartement het drie uitstappies vir belangstellende leerders gereël. Ons eerste uitstappie was op 28 Mei, waar ons 59 leerders na Kunstekaap geneem het om 'n verkorte weergawe van die baie bekende opera, *Aida* (G. Verdi) te kyk. Daar was ook twee geleenthede waar kleiner groepe leerders na die kleedrepetisie van die Kaapstadse Filharmoniese Orkes in die Kaapstadse Stadsaal geneem is, om die orkes te sien optree: 11 September en 4 Desember.

Jannies Talent word afwisselend met die skoolkonsert elke tweede jaar aangebied. Hierdie jaar was *Jannies Talent* aan die beurt. Die talentkompetisie het groot aftrek by die leerders gekry. Daar was 53 inskrywings waarvan 22 items gekies is om by die finale konsert op 25 September op te tree. Hierdie finale seleksie is op grond van 'n oudisieproses bepaal. Deel van hierdie proses was om items van 'n hoë standard te identifiseer en om te verseker dat die finale items ook 'n verskeidenheid talente reflekteer. Voor die finale konsert, is daar deeglike klanktoetse met die finaliste gedoen en daar was repetisietyd op die verhoog om te verseker dat finaliste gemaklik is en die konsert goed verloop. Soos in die verlede, was daar twee eksterne beoordelaars wat die finale aand bygewoon en beoordeel het: Lestie Hughes (Musiekhoof by Hoërskool Jan van Riebeeck) en Jana Claase (eienaar van *Kido Agency*). Die aand is aangebied deur twee bekwame gr. 4-seremoniemeesters, Lucy le Roux en Emilie Theron. Ten einde is 8 algehele wenners bekend gemaak: Aiyana Alfredo (akroebatiese dans), Ella van der Walt (marimba), Mia Bothma (sang), Jacques du Toit (diabolo), Jean-Jacques Rossouw (sing en drama), Jude Murray (rubix cubes), musiekgroep (*Nat Tamaties* – Pieter Rademeyer, Dane Botha, John Bremridge, Daniel Opperman), musiekgroep (Dane Botha, Elim Botha, Sion Botha). Dit was 'n skouspelagtige talentaand wat die skool vir nog baie lank gaan onthou.

Die **senior koor** het 'n bedrywige en baie produktiewe jaar agter die rug. Die koor se jaar het afgeskop met 'n oefenkamp, vroeg in Februarie (7-8 Februarie), waar daar gefokus is op die aanleer van repertorium vir die *Mzanzi Conductor's Convention* in Maart. As deel van die koorkamp, het ons hierdie jaar vir die eerste keer 'n piekniek gereël saam met die koorleerders en hul ouers. Dit het die Vrydagaand na die eerste oefensessies op die skool se grasperk plaasgevind en was 'n groot sukses! Die senior koor het ook aan die begin van die jaar 'n senior koor ouerkomitee aangestel (vrywillige ouers), wat deur die jaar gehelp het om die koor te bestuur: Frances Samuel, Joanita du Toit, Thelma Janse van Rensburg, Samantha le Roux, Louiza Rademan, Catherine Lawson, Coreen Scholtz en Suzanne Jacobsz.

Kooroptredes het aansienlik toegeneem en die groep het doelgerig gewerk om hul mikpunte vir die jaar te bereik. Die koor se eerste groot geleentheid waaraan hulle deelgeneem het, was die *Mzanzi Conductor's Convention* - 14-16 Maart te CTICC. Hier werk hulle saam met die Tygerberg en Pietermaritzburg Kinderkore onder leiding van die internasionaal bekende kinderkoordirigent, Zimfira Poloz. Na 'n naweek van saam oefen, het die *Convention Children's Choir* (waarvan Laerskool Jan van Riebeeck se senior koor deel was) die Sondag (16 Maart) 'n optrede by die CTICC gehad. Dit was 'n besonderse belewenis en 'n geweldige mylpaal vir die koor. Laasgenoemde se prestasie word onderskraag deur die feit dat elke koorlid dié musiek gedurende die Desember skoolvakansie moes aanleer (deur die gebruik van klanklêers), sodat hulle gereed sou wees vir die konvensie so vroeg in die jaar. 'n Verdere struikelblok wat die koor as 'n groep oorbrug het, is die aanleer van musiek in vyf verskillende tale: Duits, Spaans, Grieks, Frans en Russies. Die musiek was ook meerstemmig, wat aanvanklik vir die koor 'n groot musikale uitdaging daargestel het. Nietemin, die koor het hierdie geleentheid en uitdaging ten volle aangegryp en hulself ten einde uitstekend van hul taak gekwyt.

Die werk wat die koor ter voorbereiding van die *Conductor's Convention* ingesit het, het die koor die hupstoot gegee wat hulle nodig gehad het om op die verwagte standaard te kom wat verlang word van 'n koor wat aan 'n kompetisie deelneem. Die koor se volgende mikpunt was die Cantamus Koorfees wat 9-11 Augustus in George plaasgevind het. Hier het die senior koor uitstekende presteer. Dit was 'n wonderlike koortoer en een van die eerste toere wat die senior koor aangepak het in baie jare. Die doel van die toer was uitsluitlik om aan die Cantamus Koorfees deel te neem, en rondom hierdie geleentheid is enkele uitstappies gereël om die toer vir die kinders pret te maak.

Die senior koor het ook uitnodigings ontvang om by geleenthede op te tree wat nie voorheen op die koor se kalender was nie: Reddam Sings (Reddam Constantia) op 5 Augustus en Durbanville Curro se Nootvas Musiekfees op 23 September. Daar is heelwat optredes waaraan beide die senior en junior kore deelgeneem het. Dit sluit die volgende in: Massa-Reünienaweek Kultuuraand te Hoërskool Jan van Riebeeck, Tafelberg Koorfees, Musiekkonserte, Oupa- en-Oumadag, Kerskonsert en die NGK Tamboerskloof Kersdiens. Die junior koor optredes sluit ook die Weskus Koorfees en Pleziermarkt in.

Buiten vir die groot geleenthede waarvoor die senior koor hierdie jaar gewerk het, het die koor ook in terme van vaardigheidsontwikkeling en repertorium baie gevorder. Die koor se klank, bladleesvermoë, en intonasie het baie ontwikkel. Teen die einde van die jaar het die koor hul eerste driestemmige koorlied aangeleer en by die Kerskonsert uitgevoer. Dit is 'n besonderse mylpaal, en getuig van die groep se toewyding en ingesteldheid op groei. Die groep se repertorium weerspieël ook groei deur die wye verskeidenheid liedjies wat hulle hierdie jaar aangeleer en gesing het. Dit sluit onder andere liedjies in verskeie Afrika-tale en 'n Afrikaanse kunslied in.

Die kultuurjaar sluit op ‘n besonderse wyse af met die **Kerskonsert**, wat hierdie jaar op 27 November plaasgevind het. Die teks vir die konsert is deur Frances Samuel geskryf en is gebaseer op die tradisionele Kersverhaal, maar met ‘n moderne en kindervriendelike aanslag. Daar was twee hoofkarakters wat deur Frannie Samuel en Petronella Gouws vertolk is. Hulle karakters was twee skaapwagtertjies wat op Kersnag die boodskap van Jesus se geboorte in die veld van die engele ontvang het. Pieter Rademeyer het opgetree as storieverteller, wat verseker het dat die Kersverhaal baie mooi verloop. Die senior en junior kore het ‘n integrale rol met hul musiekbydraes gespeel. Die musiek, hetsy deur die kore óf musiekensemble, het grotendeels gesteun op ons tradisionele Kersfees liederskat, en het liedjies soos *Welkom O stille nag van vrede, Die vreugdelied wat engele sing, Herders op die ope velde, Stille nag,* en *Hoor die blye eng’lelied* ingesluit. Dié liedere is nie net verbind tot Kersfees nie, maar het ook ‘n diep konneksie met Afrikaans as taal. Wanneer die koor hierdie liedjies leer, word hulle band ook met ons Afrikaanse liederskat versterk. Die musiek is daarom nie net bloot “musiek” nie, maar ook ‘n opvoedingsgeleentheid vir leerders om in kontak te bly met liedjies wat deur eeue heen gesing is.

Daar was weer ‘n ouerkoor wat hierdie jaar saam met die Cape Town Camerata by die Kerskonsert opgetree het. Dié koor het uit ongeveer 65 sangers bestaan, en was ‘n magtige belewenis van samehorigheid en samesang. Die kinderkore en ouerkoor het aan die einde van die konsert die bekende lied, *O Heilige Nag*, saam gesing. Hierdie gemeenskaplikheid wat ervaar word wanneer mense rondom Kerstyd saam sing, is ‘n belewenis wat eg is aan koorsang en vorm onvergeetlike bande tussen mense.

Redenaars 2025

Ons neem jaarliks aan onderskeie redenaarskompetisies deel om leerders blootstelling en oefening te gee om hierdie belangrike vaardigheid aan te leer en ontwikkel. Ons skop die jaar af met ons interne kompetisie waar ATKV-beoordelaars ons leerders bepunt en terugvoering gee. Hierdie puntestate word gebruik om te bepaal watter leerders aan die ATKV-redenaarskompetisie deelneem. Tydens die laasgenoemde geleentheid het die volgende leerders uitstekend presteer:

- Antjie Samuel en Katryn Silvis gaan deur na die semi-finaal.
- Katryn Silvis dring deur na die Nasionale Finale rondte.

Ons gee al ons leerders die geleentheid om vir die volgende kompetisies in te skryf: PodiumPret en Radikale Redenaars.

Hier volg die leerderinligting vir 2025:

Ouderdom	Aantal deelnemers
Interne Redenaars Kompetisie	
Graad 1 - 3	3
Graad 4 - 5	6
Graad 6 – 7 Voorbereide en onvoorbereide toesprake	14
ATKV Eerste Uitdunrondte	
Graad 2	1
Graad 3	2
Graad 4	3
Graad 5	3
Graad 6	2
Graad 7	6
Podium Pret	
Graad 2-7	12
Radikale Redenaars	
Graad 4-7	9

8. GEBOUE, TERREINE, VOERUIE EN SEKURITEIT

Soos die afgelope vier jaar, is daar vanjaar weer verskeie projekte aangepak om seker te maak dat ons infrastrukture ons visie en missie komplimenteer. Dit sluit die volgende in:

- **Balletstudio:** is voltooid en heelwat van ons dogters is deel van die ballet-geselskap.

Voor



Na

Die amptelike opening van die De **Moyercourt balletstudio** geskied op 18 September en is ‘n groot aanwins vir ons skool.

- **Kunsgrasprojek: Die projek h**et op 22 April begin en is op 31 Julie afgehandel. Baie dankie aan Gerhard Conradie wat die grond- en siviele werk borg asook die Opvoedingstrust wat vir die res instaan.

- **Verf van die skoolgebou:** Afgehandel en ons skoolgeboue vertoon baie netjies.

- **Sekuriteitslig by hoofingang***:* Deur Hannes opgesit en maak tydens die winter die wêreld se verskil.

- **Aankope van paneelwa:** Die ou Mazda ('broodblik') word afgeskryf en is deur 'n Toyota vervang.
- **Brandmerk van ons skoolbusse***:* Die 'sedert 1921' is aangebring. Weereens groot dankie Carlos Caldeira wat die nuwe handelsmerke geborg het.

- **Sekuriteitskameras:** Is aan die einde van November 2025 in al die klaskamers, kantore en gange geïnstalleer.

- **Naamborde by Huppelland:** Opgesit en lyk esteties baie mooi.

- **Gr. 1 & 2 / Nasorgparkie***:* Ons gebruik gewoonlik vakansies en naweke om onderhoudswerk by die skool af te handel en tydens die afgelope Oktobervakansie is daar weer hard aan herstel- en verfwerk by die speelarea van die nasorg gewerk om die area op te gradeer en te verfraai. Daar is onder andere die volgende gedoen:
    - herstelwerk aan die plaveisel;
    - sement- en steenwerk;
    - herstelwerk aan agterste muur teen die woonstelblok;

- teerwerk;
- afskuur en vernis van die klimrame;
- verfwerkwerk van die bankies;
- opvul van ‘n dekarea om die veiligheid van leerders te verseker.

Baie dankie aan Jodene vir al die reëlings asook Hannes en die terreinmanne vir hul harde werk om die bogenoemde verbeteringe aan te bring.

- **Nuwe kaste** is in die Grondslagfase se klaskamers ingebou.

- **TutorTouch (Raakskerm-tegnologie):** Reeds die klaskamers van Gr. 3 – 5 geïnstalleer en sal vanaf 2026 ook in die graad 6- en 7-klasse geïnstalleer word. Hierdie tipe tegnologie onderskei ons van baie skole en komplimenteer leer en onderrig in die klas.

- **Ontruiming** vir noodsituasies word elke kwartaal met leerders en personeel geoefen om leerders en personeel vir die onvoorsiene omstandighede voor te berei.

9. INLIGTING- EN KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE (IKT)

Konteks

Die funksie van die onderskeie IKT-inisiatiewe is om die skool te ondersteun om sy strategiese doelwitte te bereik. Van die areas wat só ondersteun word, sluit o.a. Kommunikasie, Bemarking en Dienste, Kurrikulum, Onderrig en Leer, IKT-vaardighede, Administrasie en IT-Sekuriteit in.

Die werk wat binne die IKT-funksie verrig word, kan met 'n ysberg vergelyk word, met slegs die klein gedeelte bo die waterlyn wat vir die eindgebruiker (personeel, leerders en ouers) sigbaar is. Die sigbare gedeelte sluit o.a. die webtuiste, die Nuusbrief, Jan Kas, myJvR, MS Teams, WhatsApp kommunikasie, ensovoorts in. Onder die oppervlak lê 'n veel groter massa van prosesse, strategieë en infrastruktuur wat alles moontlik maak. Hierdie onsigbare werk – van beleid, prosesse en IT-sekuriteit tot volhoubaarheidsbeplanning en databestuur– dra die gewig van die hele stelsel en verseker dat die sigbare elemente glad en doeltreffend kan funksioneer.

Die strategiese fokus vir IKT in 2022/2023 was die modernisering van tegnologie. In 2024 het die fokus verskuif na langtermyn volhoubaarheid. In 2025 is die fokus op digitalisering en volhoubaarheid verder gevoer, met die implementering van verdere prosesse en die uitbreiding van tegnologie om volhoubaarheid en digitalisering te ondersteun. Onder leiding van die IKT-strategiekomitee is verskeie projekte geïnisieer om aan hierdie doelwitte uitvoering te gee.

Kommunikasie, Bemarking en Dienste

Handelsmerk Integrasie

Die ontwerp van die skool se onderskeie webruimtes is deur die loop van die jaar aangepas om die nuwe, kleurvolle elemente van die skoolwapen en waardes te inkorporeer. Die waardessimbole is ook by die nuusbrief se ontwerp ingewerk en die uitleg is aangepas om te verseker inligting kan maklik opgespoor en duidelik oorgedra word.

DInK-slim Digitale Gesprekke

In Maart is 'n inisiatief geloods om ouers, d.m.v. 'n reeks rubrieke, te bemagtig om hul digitale bevoegdhede uit te brei. Buiten tegniese vaardighede, sluit dit veral ook digitale veiligheid, digitale regte en digitale emosionele intelligensie in.

Onder die vaandel van Jannies Gesprekke, word ons ouergemeenskap ondersteun om DInK-slim te wees – slim in besluite t.o.v. digitale tegnologie, persoonlike inligting en die kuberruim.

Die rubrieke is deur die loop van die jaar in die Nuusbrief gepubliseer en ons hoop om in 2026 die inisiatief voort te sit.

Webtuiste

'n Projek is geloods vir die ontwerp van 'n nuwe voorkoms vir die skool se webtuiste. Die nuwe webtuiste sal deur die loop van 2026 bekendgestel word.



Digitale Media

Tussen die skool se webtuiste, Die Suidooster, gedrukte argieffoto's, die ou Google Drive en die skool se huidige OneDrive stoorruimte, beskik die skool oor meer as 70 000 digitale media lêers. Dit is belangrik om hierdie rekord van die dag-tot-dag, dikwels geskiedkundige, aktiwiteite van die skool te digitaliseer en te bestuur sodat dit veilig bewaar kan word en deur die skool gebruik kan word, maar ook in die toekoms vir ons skoolgemeenskap sigbaar gemaak kan word.

In September is ’n Digitale Mediabestuur projek deur die IKT-komitee geloods met die doel om al die digitale media onder een sambreel op OneDrive te bring, vanwaar dit gerugsteun word en bestuur kan word vir toekomstige projekte. Die digitale media projek is tans onderweg.

Kurrikulum, Onderrig en Leer

Leerdertoestelle

Die eerste graadgroep wat in 2023 as graad 5'e digitale toestelle ontvang het, maak nou klaar met die laerskool. Prosesse is geïmplementeer vir die opname en kontrolering van die toestelle en die voorbereiding en heruitreiking daarvan aan 2026 se graad 5-groep.

Die 2-in-1 skootrekenaars/tablette vir gebruik in die Mediasentrum is gedurende kwartaal 1 aangekoop, via die Microsoft EDU platform voorberei en uitgerol vir gebruik.

Microsoft 365 Education lisensiëring

In kwartaal 3 is die skool se gratis lisensies vir die gebruik van Microsoft 365 Education deur die WKOD hernu. Hierdie vennootskap tussen die WKOD en Microsoft stel ons skool in staat om te verseker dat leerders, deur die gebruik van moderne tegnologie in ‘n veilige, beheerde omgewing, die geleentheid gebied word om belangrike vaardighede vir die 21ste eeu te ontwikkel.

Kunsmatige Intelligensie: Strategie en beleid

By Laerskool Jan van Riebeeck het ons die uitdaging wat KI in ‘n skoolomgewing gaan bied, vroeg geïdentifiseer en belangrike stappe geneem om die konteks van KI in ‘n skoolomgewing beter te verstaan en die rol daarvan by die skool te definieer. Dit het ons ook die geleentheid gebied om huidige akademiese praktyke te hersien en areas te identifiseer waar KI potensieel ‘n nadeel vir leerders se kognitiewe ontwikkeling en leer inhou.

Die KI-projek het die volgende behels:

- In Maart is ‘n formele opname, wat die gebruik van KI-hulpmiddels in die skool ondersoek, deur personeel voltooi.
- Gedurende April, Mei en Junie is verskeie in-diepte werkswinkels gefasiliteer waartydens die IKT-komitee en vakhoofde verskillende aspekte van KI in die konteks van onderwys en die skool ondersoek het.

Die uitsette van die KI-werkswinkels, die resultate van die KI-opname en navorsing oor globale tendense en beste praktyke rondom KI in die onderwys, is gebruik om riglyne vir die gebruik van KI by die skool saam

te stel. Die KI-beleid is uit die riglyne opgestel en September deur die Beheerraad aanvaar, waarna dit in die Nuusbrief van 3 Oktober aan ouers gekommunikeer is.

As deel van die uitrol van die KI-strategie, ontvang leerders KI-geletterdheidonderrig as deel van die Digitale Geletterdheidsklas, terwyl personeel interne opleiding ontvang het.

10. MENSLIKE HULPBRONBESTUUR

Die Menslike Hulpbronne departement bied 'n ondersteunende diens aan die Skoolhoof, bestuurspan en beheerraad, en help om die skool se strategiese personeeldoelwitte, te bereik.

Daar was gedurende die afgelope jaar 'n paar geleenthede vir groei en ontwikkeling vir ons personeel:

- Mnr. Keenan Faro onderrig nou ook Ekonomiese en Bestuurswetenskap (EBW) vir graad 7;
- Juf. Suné Swanepoel onderrig nou ook Natuurwetenskappe (NW)vir graad 7;
- Die Grondslagfase (graad R – 3) bied nou hul eie kodering en robotkia-kurrikulum aan;
- Mnr. Rashard Fuller het Liggaamlike Opvoeding (LO) lesse vir die graad 3 leerders gegee;
- Me. Jua-Marié Strehler is as Zen Den-intern aangestel en het aan die einde van Mei vanuit graad 2, na die Zen Den, geskuif.
- Juf. Magdhelé Jansen het in Junie as Grondslagfase Intern, in Jua-Marié se plek, by ons aangesluit.

Die musiekdepartement het hierdie jaar verder uitgebrei en die volgende deeltydse personeel is aangestel:

- Mnr. Pieter Bezuidenhout - sang
- Juf. Lily van der Merwe - fluit
- Mnr. Reece Allum – tjello
- Pieter Joubert - viool

Juf. Estelle Slabber het die skool in Meimaand, na baie jare, verlaat en juf. Helecia Groenewald het haar lesse tydelik, oorgeneem. Juf. Groenewald tree gaan nie meer klavierlesse by die skool gee nie. Juf. Lara Eksteen (viool) het ons ook gedurende die jaar verlaat en mnr. Pieter Joubert is in haar plek, deeltyds, aangestel.

Dan is ons ook bevoorreg om volgende jaar 'n voltydse musiekpos te hê. Juf. Bea de Wit sluit in Januarie 2026 voltyds by die musiekdepartement aan en sal klasmusiek vir graad twee en drie aanbied, sowel as individuele klavierlesse vir ons leerders, onderrig.

Ons skoolhoof, onder leiding van die Beheerraad en met ondersteuning van die Exco, het hard gewerk om ons skoolaanbieding (spyskaart) oor die laaste paar jaar uit te brei. Met hierdie uitbreiding het ons administratiewe behoeftes ook gegroei. 'n Nuwe administratiewe pos is hierdie jaar geskep om te help om die verskeie leemtes en groeiareas, te dek, Me. Sue-Ann Bouw het in April by ons aangesluit. Sy is verantwoordelik vir die bestuur van Jan Kas (ons skool se klerewinkel) en bied ondersteuning aan die finansies- en menslike hulpbronkantore. Sue-Ann help ook met toelatings-administrasie, leerdersake, CEMIS en bied IKT-ondersteuning.

Laerskool Jan van Riebeeck was vanaf 1 Junie tot 30 November 2025 deel van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) se werkskeppingsprogram (BEEI V) en het drie assistente gedurende hierdie tydperk, aangestel. Me. Unathi April het administratiewe ondersteuning gebied en in die nasorgsentrum gehelp; mnr. Mohamad Daniels het die sportkantoor (spesifiek die LO-opvoeders) ondersteun en me. Musfeqah Ely het by die skoonmaakspan, aangesluit. Ons is baie dankbaar vir hul harde werk, toewyding en die positiewe energie wat hulle gedurende hierdie tyd na ons skool en aan ons leerders, gebring het.

Mnr. George Ndlovu, algemene werker en opsigter by Huppelland, het hierdie jaar formeel uit sy Wes-Kaapse Departement van Onderwys (WKOD) pos, afgetree. George verlaat ons nog nie en bly volgende jaar in 'n Beheerraadskontrakpos aan. Ons het reeds onderhoude gevoer en 'n kandidaat genomineer, om sy departementele pos te vul. Ons wag in spanning vir die bevestiging van hierdie pos en sal die nuus deel sodra ons gehoor het. George sal oorskuif na sekuriteit by Huppelland wanneer die nuwe persoon begin.

Die volgende personeel verlaat ons aan die einde van 2025:

- Me. Lize Terblanche (GGr 1) – pak 'n nuwe lewensreis aan en beoog om die welwillendheidsektor te werk;
- Me. Tine-Louise van Huyssteen (graad 1-intern) – verwag 'n babatjie en sy en haar man verhuis na Hartenbos om nader aan familie te wees;
- Me. Maricqe Coetzer (gr 2) – gaan voltyds mamma vir haar seun, George, wees; en
- Me. Marlize ter Borg (gr 3) – verhuis na Nederland.

Daar sluit dan ook in die nuwe jaar, die volgende personeel, by ons aan:

- Me. Mieke Eefting: gr 1-onderwyseres;
- Me. Anthea Gravett: gr 2-onderwyseres;
- Me. Esmarie du Plessis: gr 3-onderwyseres;
- Me. Monica Robertson – gr-intern.

Laaste, maar nie minste nie, het ons JvR-familie hierdie jaar met die geboorte van Bailey – juf. Mardry Wright en haar man, Kyle, se babatjie - gegroei. Baie geluk Mardry en Kyle! Dankie aan juf. Cornel Koorts wat gedurende haar kraamverlof tydperk (einde Augustus tot Desember 2025) vir juf. Mardry ingestaan het. Sy het 'n uitstekende werk gedoen en ons wens haar voorspoed met haar nuwe pos by Hoërskool Stellenberg, toe! Baie geluk ook aan mnr. Rashard wat die komende vakansie in die huwelik met Ranata tree. Ons wens vir hulle 'n geseënde huwelik toe.

11. NASORG

Dit was 'n goeie jaar vir die nasorg en die nasorggetalle het mooi toegeneem met meer en meer Jannies wat gedurende die middag, hul tuiste by die sentrum, maak.

Ons het hierdie jaar die huiswerkklas heeltemal uit die nasorgsentrum verwyder en graad 3 – 7 se huiswerkklasse het buite die sentrum, deur opgeleide opvoeders, aangebied. Dit het dit makliker gemaak om 'n rustige atmosfeer te skep sodat leerders die nodige aandag aan hul skoolwerk, kon gee. Dit het ook die nasorgpersoneel beskikbaar gemaak om meer pretaktiwiteite te kan aanbied, wat die leerders baie geniet het. Die buite speelarea van die nasorg is gedurende die Oktober-vakansie opgeknap en 'n leeshoekie met 'beanbags' is vir die ouer leerders geskep.

12. OOV

Die OOV (Ouer-Onderwyser-Vereniging) het ten doel om as ’n skakel te dien tussen ouers en opvoeders, maar veral om te sorg vir lewendige ouerbetrokkenheid by ons wonderlike skool. Dit is duidelik dat ouerbetrokkenheid en sosialisering by Laerskool Jan van Riebeeck volop ondersteuning geniet.

Dit was ’n besige jaar, en met ’n baie bekwame en betrokke span was alles moontlik. Hier volg ’n kort opsomming:

- Ons jaar het afgeskop met die **bekendstellingsfunksie** in Januarie. Dit is ’n wonderlike geleentheid om weer bekende gesigte ná ’n lang vakansie te sien en natuurlik ook nuwe ouers te leer ken. Elke jaar is dit ’n hoogtepunt met ’n ontspanne atmosfeer, en die bywoningsgetal van ouers en opvoeders wys dat dit die perfekte manier is om die jaar af te skop. Maak solank ’n nota in jou dagboek vir **22 Januarie 2026**.
- Die **Waterbuffel-burgerfees**, wat op **14 Maart** plaasgevind het, was ’n groot sukses. Ons is deur Babylonstoren uitgedaag om ’n hele waterbuffel in die vorm van ’n burger-marathon oor twee dae aan te pak. Met die beste bestanddele wat deur hulle geskenk is, is ons taak baie vergemaklik!

Hier volg ’n paar statistieke:

- Ongeveer 1 800 patties is ontvang.
- Oor twee dae het ons 1 500 frikkadelbroodjies gemaak – waarvan ons onder andere die magies van ons buurskool, Prestwich Primary, gevul het en 1 000 in ons gemeenskap verkoop het.
- Helpende hande het ingesluit: 80 ouers wat brood gesny en gesmeer het, 40 leerders wat frikkadelbroodjies gebou het, en braaiers.

25

Die gemeenskap van LJvR het heerlik gesmul, en die oorblywende 300 patties is vinnig opgeraap. Die bolletjies wat nie gebruik is nie, is aan die SA Kinderhuis geskenk.
Die samesyn was wonderlik, en die vure het vanaf 16:00 hoog gebrand. Met lekker musiek is die feesmaal in volle gees geniet. Nie net was dit 'n heerlike middag nie, maar ons het R34 860 se wins vir die skool gemaak.

- Ons jaarlikse **Kaperjolle** in April was weer eens 'n reuse sukses. Met net meer as 700 toegangskaartjies wat verkoop is, kon wind en weer niemand keer om die dag saam te geniet nie. Die jaarlikse koskompetisie se tema was "Lekker Jannies Vol Resepte", en die spanne was soos altyd baie kreatief en het ongelooflike lekker disse opgetower. Die vierkant was pure plesier met speletjies te kies en te keur. Alhoewel die doel van die dag nie is om wins te maak nie, het ons net onder R100 000 vir die skool ingevorder.

- Die jaarlikse **veilingsdinee** in Junie was weer eens 'n spoggeleentheid en 'n groot sukses. Die funksie word apart van die OOV gereël onder leiding van Anna Blackmore en haar span. Baie dankie vir die groot sukses wat julle met soveel styl reël.
- Die **"Bring en Raai"-Quiz-aand** in die derde kwartaal is 'n hoogtepunt op die kalender. Die saal was stampvol, en mense het heerlik gekuier terwyl die breinkrag van ons ouers op die proef gestel is. Dankie aan Pieter Rademeyer, wat die funksie gereël het, en MC du Toit, wat as "quizmaster" opgetree het.
- In September het die musiekdepartement ons jaarlikse **Jannies Talent** aangebied en 'n uitmuntende vertoning gelewer. Die talent onder ons leerders was merkwaardig. Die OOV het gesorg vir versnaperinge, hoendersosaties en boereworsrolle, wat groot aftrek gekry het. Ons doen dit weer in 2027.
- 'n Nuwe geleentheid wat die OOV dié jaar aanbied, is die **Ouersportdag**, wat op 29 November plaasvind. Die geleentheid is deur Danielle Rossouw gelei, en ons ouers het mekaar

in spanne in die volgende disciplines uitdaag: rugby, hokkie, netbal, skaak, swem en tennis! Dit is nou die beurt van die leerders om hul ouers langs die sportveld aan te moedig. Dit beloof om ’n dag vol pret te wees. Ons sluit die dag af deur almal saam vir die Springbokke in die skoolsaal te “cheer”!

Van my kant af, wil ek graag vir Susan Derksen met haar eerste jaar as voorsitter van die OOV, asook elke OOV-lid hartlik bedank vir hul ongelooflike entoesiasme, goeie idees en harde werk die afgelope jaar. Ons is julle baie dankbaar vir al die opwindende aktiwiteite wat julle so suskesvel gereël het.

13. LEERDERRAAD

14 Leerderraadslede is aan die einde van 2024 (in hul graad 6-jaar) as leiers aangekondig om hul graadgroep op verskeie vlakke te verteenwoordig. Op hierdie manier ontwikkel verdere leierskapvaardighede. Dis belangrik om te weet dat die res van die graad 7-groep wat nie tot leerderraad verkies is nie, ook betrek word om met verskeie projekte van hulp te wees asook om hul leierskapvaardighede te ontwikkel. Hulle help met onder andere die volgende sosiale funksies:

- organisering van funksies – somersokkie, gr. 7-sokkie, gr. 7-fondsinsameling, geesweek;
- bied saalbyeenkomstes gedurende die jaar aan;

• lewer toesprake by die onderskeie prysuitdelings;

• en help oral waar verwag word.

Leerderraadslede:

Rudi Badenhorst, Jack Dawes, Ben Esterhuyse, Abigail Fourie, Gusto Hoogendyk, Nils le Roux, Elisabet Marais, Johannes Mouton, Dané Olivier, Vincent Oosthuizen, Stella Pansegrouw, Katryn Silvis, Amelie van der Walt en Annalene Viljoen,

Aan die einde van kwartaal 2 het die gr. 7's die geleentheid gehad om vir hul hoofseun en -dogter (Nils le Roux en Katryn Silvis) te stem. Hierdie twee leerders lei die res van die groep vanaf kwartaal 3.

Ons fokus is om leierskapvaardighede op verskeie maniere te ontwikkel – of die leerder op of nie op die leerderraad dien nie. Ons is trots om te noem dat ons skool werklik uniek is tot die manier hoe ons die leerderraad verkies en wanneer ons die leiers aankondig. Ons glo dat daar vir alle leerders genoeg kans is om teen hul eie tempo, op verskeie vlakke in die laerskool te ontwikkel. Ons voel egter sterk daaroor dat ons wel leierskap wil uitlig sodat leerders in hul gr. 7-jaar op hoërskool voorberei kan word.

14. PERSONEELOPLEIDING

Ons maak jaarliks voorsiening in ons begroting om te verseker dat daar effektiewe personeelopleiding gedurende die jaar geskied. Die onderstaande is voorbeelde van opleiding wat gebied is:

- Dr. Lesley Carew (kinderpsigiater) – Zen Den-span.
- Rolene van Zyl (Kodaly-kursus voltooi) – koorafrigting en -begeleiding.
- SUMMIT – Rian Truter (x 3 personeellede)
- Kodering & robotika-lesse (Suné Swanepoel bied aan gr. R-3-opvoeders)
- Robotika-kompetisie (Sune Swanepoel het bygewoon)
- Grondslagfase leesopleiding (Marietjie de Kock)
- WKOD-opleiding bv. Gr. 1-3-vakhoofde Funda en Bala Wande
- Elisabeth Nadleir -leeslaboratorium
- KI-opleiding (gebruik in klaskamers)
- Professional Minds (Tweens and Teens)
- Noodhulpopleiding vir die opvoeders, Nasorg- en sportpersoneel
- Sportwerkswinkels, gradering bv. netbal
- Spanbou vir hele personeel: 'Murder mystery' tydens kwartaal 3
- Verskeie ander webinars en opleiding is bygewoon wat deur Fedsas, WKOD, MCED, SAOU, ens. aangebied is. Opleiding is dus nie net deur eksterne instansies gelewer nie.

Ons fokus is ook om opleiding aan **studentopvoeders** te bied. Hierdie jaar het ons altesaam 22 praktiese onderwysgeleenthede vanaf graad R - 7 aan studente vanuit verskeie tersiêre inrigtings gebied waarvan vier studente vanaf Nederland vir vier maande gekuier het.

15. UITREIKPROJEKTE EN WELWILLENDHEID

Ons welwillendheid-projekte vir 2025 het afgeskop met 'n vroeë oggend stappie langs Melkbosstrand waar ons die strand skoongemaak het en ons het handboeke, leesboeke en sporttoerusting vir Laerskool Prestwich geskenk. Vroeg in Kwartaal 2 het ons 1300 konfyt en kaasbroodjies gesmeer vir die Kunste Kaap se Storieleesfees. Daarna het ons sporttoerusting ingesamel wat ons aan Prestwich Primary geskenk het. Tydens kwartaal 3 het ons geld ingesamel en Prestwich Primary se opvoeders met 'n spesiale tee ter viering van Opvoedersdag bederf. Ons sluit die jaar af met die Helpendehand 1000-poot projek waar ons bruikbare items insamel vir die helpendehand winkels.

Al hierdie projekte sou ons nie suksesvol kon aanpak sonder ons lojale ondersteuning van ons ouerkorps nie. Ons is uiters bevoorreg en trots op dit wat ons het om aan ander te bied. Ons sien uit na alles wat 2026 vir ons inhou.

16. LEERDERS

Graag deel ons van die leerderaktiwitiete wat die afgelope jaar plaasgevind het:

- **Mediasentrum monitors:** Op Dinsdag, 18 Maart, het die mediasentrum-monitors (Graad 6-leerders) amptelik hul balkies tydens die weeklikse saalbyeenkoms ontvang. Graag wil ek die volgende monitors hartlik vir hul harde werk en toewyding bedank om die diensverskaffing van die mediasentrum te verbeter:
  - Alienor Coetzer-Dereymaeker
  - Eva McBride
  - Jamie Jordaan
  - Jenna Erasmus
  - John Bremridge
  - Klara Jansen van Vuuren
  - Morgan Smit
  - Quinn du Toit
  - Solange Stevens
- **Ouer-Kind Sportdag:** Het op Saterdag, 25 Januarie, geskied en is baie goed deur beide leerders en ouers ondersteun om sommer vroeg in die jaar behoorlik gees te vang.

- **Valentynsdag** word in rooi en pienk op 14 Februarie gevier.

- **Lead4Life:** Is kwartaalikse vir verskillende grade aangebied waartydens ons leerders aan leierskapontwikkeling en groepwerk blootgestel was.

- **Leerderraadontbyt te HS Jan van Riebeeck***:* Het op Maandag, 10 Maart, te Welgemeend plaasgevind. Tydens die spoggeleentheid het die bekende Suid-Afrikaanse verspringatleet, wat al aan die Olimpiese Spele deelgeneem het, naamlik Rushwahl Samaai, ons as gaspreker toegespreek.

- **Leerderraadsontbyt te LS Welgemoed:** Ons leerderraad het ook saam met juf. Marinda 'n leerderraadsontbyt op Donderdag, 16 Oktober, te Laerskool Welgemoed vanaf 08:00 bygewoon. Dit is 'n jaarlikse instelling waar LS Welgemoed verskeie laerskole se leerderrade vir leierskapontwikkeling nooi asook om 'n heerlike samesyn te geniet. Die gasspreker vir die oggend was die gewilde Burgemeester van Kaapstad, Geordin Hill-Lewis. Sy positiewe en inspirende boodskap aan die jong leerderrade het beslis hul dag gemaak.

- ***Die jaarlikse Ouer/Kind-Oranjerivier:*** Die *'Extravaganza'* was weereens 'n reuse sukses. 'n Gemotiveerde JvR-groep (Graad 7-Jannies en hul ouers) wat uit 80 lede bestaan het die 4-dagtoer met groot entoesiasme aangedurf. Sommige van die leerders het maar liggeloop vir die "*Entrance Exam*" en soos altyd, het die "*Sjambok*" sy pond vleis geëis met menige kano's wat sonder 'n kaptein of 'enjin' die stroomversnelling uitgedaag het.

- **Nasionale Melktertdag:** Gr. 3's vier spesiaal Nasionale Melktertdag op 27 Februarie. Wonderlik om ons erfenis te vier!
- **Paasfees:** Graag wil ek HS Jan van Riebeeck se 'Paashase' bedank wat op Donderdag, 17 April, paaseiers vir die grondslagfase leerders kom uitdeel het. Ons graad 1-leerders was in ekstase om vir die eerste keer die geleentheid te kon kry om die sogenaamde Paashase in 'lewende lywe' te kon ontmoet en vir hulle drukkies te kon gee. Baie dankie aan die leerderraad van Hoërskool Jan van Riebeeck vir die wonderlike bederf, ons waardeer baie!

- **Wêreldboekedag** is ook altyd ‘n hoogtepunt vir leerders en opvoeders, en is op Dinsdag, 23 April, by die skool gevier. Dit gee vir die leerders die geleentheid om soos hul gunstelingboekkarakter aan te trek. Ons leerders het die geleentheid behoorlik aangegryp en daar was ‘n skouspel van boekkarakters opgelewer om sodoende hul liefde vir boeke en hul gunstelingboekkarakters uit te leef. Leerders het van vroeg af vir my in my kantoor hul spoggerige kostuums kom wys. Baie geluk aan die volgende leerders wat per graad as die besgeklede boekkarakters aangewys is:
    - Gr. 1 – Ariella Meinking
    - Gr. 2 – Maya van den Berg
    - Gr. 3 – Leah Verhoeven
    - Gr. 4 – Dirkie van Eeden
    - Gr. 5 – Antjie Samuel
    - Gr. 6 – Lukas van der Westhuizen
    - Gr. 7 – Jayden Henning

Baie dankie aan al ons ouers/voogde wat gehelp het met die maak van die pragtige kostuums sodat die boekkarakters letterlik lewendig kon word.

- **Erfenisdag 2025**: Om ons wonderlike erfenis te vier, het ons skool op Donderdag, 25 September, spesiaal ons trotse landsvlag in die vierkant ‘gebou’. Elke graad het ‘n ander kleur van die landsvlag soos volg verteenwoordig:
    - Graad 1: swart
    - Graad 2: geel
    - Graad 3: groen
    - Graad 4: rooi
    - Graad 5: wit
    - Graad 6: groen
    - Graad 7: blou

- **Oupa-en-Oumadag:** Die hoogtepunt van oupa en oumadag was beslis die gassprekers wat drie generasies verteenwoordig het. Ds. Marietjie ('n ouer by ons wat ook elke Donderdag Jannies vir Jesus by ons skool en Huppelland aanbied), haar pa die bekende dr. Braam Hanekom en haar seun Izak (gr. 2) het 'n dialoog oor hedendaagse gesin- en familieuitdagings gevoer. Daar is onder andere bespreek van hoe grootouers dink en redeneer oor hoe hul leerders hul kleinleerders behoort groot te maak en daar is met liefde verskil. Dit is alles deel van moeilike familiegesprekke wat verskeie gesinne ervaar en wat dikwels tot meningsverskille kan lei. Ds. Marietjie, wat ons ouers verteenwoordig, versoek grootouers om meer tyd saam met hul kleinleerders te spandeer, minder te kritiseer of voor te skryf van hoe die moderne ouer hul leerders behoort groot te maak en meer begrip te toon dat dit vandag heelwat moeiliker is om leerders groot te maak as 'n klompie dekades gelede. Dr. Braam, wat die grootouers verteenwoordig, noem dat hulle altyd stres oor hoe hul leerders hul kleinleerders grootmaak. Izak, wat die kleinleerders verteenwoordig, voel dat hulle graag meer dinge saam met ouma en oupa wil doen byvoorbeeld instede van lekker koek by ouma en oupa te eet, wil hulle eerder kosbare tyd saam met ouma en oupa spandeer deur hulle te help om die koek fisies te bak en te versier.

Ek het ook tydens my bedankingsgesprek genoem dat grootouers nooit die belangrike rol wat hulle in hul kleinleerders se lewe speel, moet vergeet of onderskat nie. Oumas en Oupas is die spreekwoordelike gom wat families oor die jare bymekaar hou. Hulle deel hul kosbare lewenservaring en wysheid met hul leerders en kleinleerders – wat 'n wonderlike voorreg. Baie dankie aan elke ouma vir al haar liefde en omgee asook al die oupas vir jul wysheid, familiestories en advies. Ons salueer julle vir die belangrike rol wat julle in ons Jannies se lewens speel. Baie dankie aan juf. Marinda en haar dinamiese span wat vanjaar weer die spoggeleentheid gereël het.

- **BRUL-JANt:** Op Dinsdag, 14 Oktober, tydens die weeklikse saalbyeenkoms het ons skool onder groot geheimhouding vir die eerste keer sy eie gelukbringer bekendgestel – leerders en personeel was aangenaam verras en het dit glad nie verwag nie! Dit was 'n inisiatief van die volgende drie graad 4-leerders wat 'n afspraak met my kom maak het om voor te stel dat ons skool ernstig moet oorweeg om 'n gelukbringer soos ander skole tydens sportdae en veral tydens interskole bekend te stel:
    - Ilsa Jooste,
    - Elliot Coetzee en
    - Dirkie van Eeden.

Hulle voorstel was Jannie die Jagluiperd as ‘n gelukbringer. Ek het soos aan hulle belowe, hul voorstel aan die skoolbestuur (EXCO) voorgelê. Die EXCO het saamgestem dat dit ‘n baie goeie inisiatief is en dat ons dit verder moet ondersoek. Om ‘n lang storie kort te maak, is daar besluit dat die enigste dier wat in ons nuwe skoolwapen voorkom, ‘n leeu (as gevolg van Leeukop) is en dat ons eerder ‘n leeu moet kies aangesien dit ons skoolwapen en kernwaardes verder sal komplimenteer, wat baie sin maak. Die leeu of sal ek eerder sê die nuwe gelukbringer het toe ook ‘n baie unieke en spesiale naam gekry, naamlik *BRUL-JANt*. Dit is baie gepas, aangesien ‘n leeu lekker kan brul en dan saam met ons briljante Jannies is die naam *BRUL-JANt vir* seker baie gepas. Die opwinding in die saal was oorverdowend met die verskyning van *BRUL-JANt* op die verhoog nadat ek eers die nuwe skoolwapen met al die simboliek aan die leerders verduidelik het asook die agtergrond om met hulle te deel waarom daar besluit is om ‘n leeu as ons skool se gelukbringer te kies. *BRUL-JANt* se eerste optrede was tydens die 2026 gr.1-opedag en het ook tydens die jaarlikse kleure-atletiekbyeenkoms in Desember sy verskyning gemaak. Graag wil ek vir ons skool se finansiële bestuuder, Liesel Hammond, hartlik bedank vir al die reëlings om vir *BRUL-JANt* te laat maak. Laaste maar nie die minste nie, ‘n hartlike dankie aan die 2025 graad 7’s wat die maak van *BRUL-JANt* betaal het as deel van hul gr. 7-geskenk aan die skool. Ons het verder voortgegaan en ‘n spesiale BRUL-JANt geeslied laat komponeer. Pieter Bezuidenhout (talentvolle sangafrigter en musiekonderwyser by ons) het hierdie taak ernstig opgeneem en ‘n puik resultaat het gevolg!

SKOOLWAPEN

Tafelberg

Eerlikheid

Leeukop

JvR – Jan van Riebeeck

- **Graad 7-geskenke vir 2025:** Behalwe vir *BRUL-JANt* skenk die graad 7-leerders en hul ouers ook vir ons ‘n geraamte-model en ‘n model wat die anatomie van die mense visueel demonstreer. Dit sluit ook die aankope van leesboeke vir die mediasentrum in. Baie dankie aan die graad 7-ouers vir die ruim donasie om dit te kon aankoop vir onderrig van Natuurwetenskappe by ons skool

.

- **Matrieksaal 2025:** Het op Maandag, 20 Oktober, plaasgevind. Dit is al tradisie dat ons jaarliks al die matrikulante wat by ons graad 7 voltooi het, uitgenooi om ‘n spesiale matrieksaal by te woon. Baie dankie juf. Marinda en haar span vir al die puik reëlings.

17. WOORD VAN DANK

‘n Opregte woord van dank aan ons dinamiese Beheerraad onder leiding van Merwe Scholtz as Voorsitter wat hul portefeuljes met groot verantwoordelikheid opgeneem het om seker te maak Laerskool Jan van Riebeeck gaan van krag-tot-krag. Baie dankie dat julle my toelaat om vernuwing by die skool tot voordeel van ons leerders en skoolgemeenskap te bewerkstellig.

Graag wil ek die *EXCO* (skoolbestuurspan) en personeel hartlik bedank vir hul toewyding, omgee, veerkragtigheid en volgehoue bydrae om die sukses van ons skool te verseker. Laat my ook toe om ons Adjunkhoof, Marinda, te bedank vir haar lojale ondersteuning en bystand.

Baie dankie aan ons ouers en weldoeners wat vanjaar finansiële bydraes tot ons skoolprojekte gemaak het. Ons het groot waardering!

Dan laaste, maar nie die minste nie, wil ek ons ouers/voogde opreg vir hul ondersteuning, lojaliteit en betrokkenheid by die skool bedank. Ouerbetrokkenheid bepaal die sukses van enige skool en julle het dit weereens met vlieënde vaandels geslaag.

18. BOODSKAP VAN BEHEERAADSVOORSITTER (MERWE SCHOLTZ)

En daar staan ons aan die einde van nóg ‘n jaar. Vir ons wat skoolgaande kinders het, tel ons die jare spaarsamig af en besef hoe vining ons kinders grootword.

Ons as ouers is die Laerskool Jan van Riebeeck baie dank verskuldig vir die omgewing waarbinne ons kinders skoolgaan en groot word. Ten spyte van die vinnig groeiende kurrikulum (op akademiese, sport en kultuurgebied) bly ons noordstêr die geluk van ons kinders en die handhawing van hulle eie, unieke wees jouself.

‘n Skool word gemaak deur sy mense en ek bedank daarom namens die beheeraad, ouers en kinders ons personeel wat die sleutel tot ons sukses is. ‘n Spesifieke woord van dank aan ons twee uittredende beheerraadlede, Marié Cruywagen en Susan van der Walt, wat beide bykans uitvoerende poste by die skool bekleë het, hulle het so baie tyd ingesit. Ons gaan julle mis! Geniet ‘n welverdiende vakansie.

19. AFSLUITING

Mag Laerskool Jan van Riebeeck sy unieke etos en skoolkultuur van omgee vir nog baie jare omhels en sy besonderse leuse van ***Wees Jouself*** vir nog baie lank as padaanwyser gebruik wat ons met passie uitleef waar die Jannies uitsien om skool toe te kom. Dit is vir my so belangrik dat ons skool altyd ons leerders se gelukkige en veilige leeromgewing moet wees waar hulle saam met die personeel pret kan hê terwyl hulle leer.

Graag wens ek vir ons skoolgemeenskap ‘n welverdiende rustyd en ‘n geseënde feestyd saam met vriende en familie toe. Mag 2026 vir ons almal baie voorspoedig wees met ‘n volgehoue beker van dankbaarheid wat oorloop.

Vriendelike groete

Naas Beets

SKOOLHOOF

10 Desember 2025